

Konferensie

oor

Selfdegeslagverhoudings



Sinodale Taakspan vir Leer- en Aktuele sake

Inhoudsopgawe

Die Bybel en homoseksualiteit (Prof Louis Jonker)	4
Selfdegeslagverhoudings: 'n Nuwe Testamentiese perspektief (Prof Jeremy Punt)	15
“Om saam met <i>a/</i> die heiliges Christus te ken”? Van 'n hermeneutiek van sekuriteit na 'n hermeneutiek van gasvryheid (Prof Robert Vosloo)	17
Selfdegeslagverbintnisse: Kerkregtelike en praktiese implikasies (Prof Johan van der Merwe)	21
Die Waardes onderliggend aan die Wet op Burgerlike Verbintnisse (Prof Geo Quinot)	24
Wat is tans bekend omtrent die genetica van seksuele oriëntasie? (Prof Louise Warnich)	26
Gender en Seksualiteit: 'n Alternatiewe wegspringplek (Dr Charlene van der Walt)	29
Die NG Kerk as ruim huis (Dr Coenie Burger)	32
Die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen se reis met homoseksualiteit (Dr Leon Fouché)	36
Oor Menswaardigheid (Prof Julie Claassens)	39

Inleiding

Verskeie versoeke is aan STLAS gerig om 'n konferensie oor selfdegelagverhoudings te reël, na afloop van die Algemene Sinode 2015 se besluit om selfdegelagverhoudings te erken. Hierdie besluit maak dit byvoorbeeld vir kerkrade moontlik om gay predikante in selfdegelagverhoudings te beroep en vir predikante wat hul weg oopsien om om burgerlike verbintenisse te kan voltrek.

Die oorweldigende reaksie op hierdie besluit, en die talle versoeke vanaf predikante om teologiese leiding hieroor (ook vir gebruik in gemeentes) het daartoe gelei dat die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (Wes- en Suid-Kaap) kenners op verskillende vakgebiede genader het om as sprekers op te tree by hierdie konferensie. Bybelwetenskaplikes en sistematiese teoloë – sowel as 'n kerkreggeleerde, regsgeleerde, en natuurwetenskaplike – is gevra om insette vanuit hulle onderskeie akademiese dissiplines te maak, ten einde die gesprek oor selfdegelagverhoudings verder te verryk en te verdiep. Die rasionaal om hierdie spesifieke groep te nooi was om die beste teologiese, wetenskaplike, en regsinsette in te win van vooraanstaande Suid-Afrikaanse en Stellenbosse akademici. Die konferensie is daarom ook in oorleg met die Universiteit Stellenbosch, en spesifiek die Fakulteit Teologie, gereël.

Die betrokke groep sprekers is dus *nie* gekies vir hul “ja-stem” op die besluit van die AS nie. Ook is die sprekers nie gekies om die gesprek eensydig te voer, 'n bepaalde standpunt op bywoners af te forseer, of om legitimiteit aan 'n bepaalde “kamp” binne die debat oor selfdegelagverhoudings te gee nie. Elkeen van die sprekers wat gekies is is kenners van hulle vakgebiede in eie reg, en het daardeur bydraes gelewer met die doel om die gesprek oor selfdegelagverhoudings binne die NG Kerk te dien. Dit is dan ook in hierdie gees, en met hierdie doel voor oë, wat elkeen van die sprekers gevra is om 'n kort opsomming beskikbaar te stel met die oog op latere verspreiding aan belangstellendes. Hierdie dokument is die produk van hierdie versameling opsommings, wat inhoudelik op geen manier geredigeer is nie, en die direkte stem van elkeen van die sprekers verteenwoordig.

Dit is tog ook belangrik om daarop te let dat 'n reeks YouTube video's hierdie dokument met opsommings vergesel, wat beskikbaar is op die Sinode van Wes- en Suid-Kaap se YouTube rekening. Daar is 'n video van elkeen van die sprekers se bydraes opgeneem en beskikbaar gemaak, met minimale redigering, vir verdere gebruik deur gemeentes. Die konferensie is ook op Donderdag 12 November lewendig uitgesaai (“live streaming”) via YouTube, en dele van die konferensie – insluitend die algemene bespreking wat gevolg het op die meerderheid van die sprekers, waartydens bywoners vrae kon stel aan die sprekers en opmerkings kon maak – is steeds daarop beskikbaar. Ongelukkig kon die algemene bespreking self nie as 'n geredigeerde YouTube video beskikbaar gemaak word nie weens swak klankkwaliteit, maar belangstellendes is welkom om die bespreking te volg by <https://www.youtube.com/watch?v=5Z4JvLvRsyM>.

Laastens is dit belangrik om kennis te neem van die ASSAF (Academy of Science of South Africa) verslag van 2015, met die titel *Diversity in human sexuality: Implications for policy in Africa*, ([beskikbaar by www.assaf.org.za](http://www.assaf.org.za)), wat deur wetenskaplikes in Suid-Afrika en Uganda gesamentlik opgestel is en vroeër vanjaar beskikbaar gemaak is. Die verslag verteenwoordig 'n belangrike stem in die gesprek oor diversiteit in menslike seksualiteit, ook binne die NG Kerk, en behoort saam met die insette van teoloë gelees en oorweeg te word.

Die Bybel en homoseksualiteit

© Prof Louis Jonker¹

"Ten diepste gaan dit oor ons interpretasie van die Bybel!" Hierdie stelling word gereeld in debatte oor homoseksualiteit in die Kerk gehoor. Uiteindelik kan verskillende standpunte oor die Kerk se houding jeens homoseksualiteit teruggevoer word na verskillende maniere hoe mense die Bybel lees. Trouens, dit gaan dalk selfs oor die wyer vrae: "Hoe funksioneer die Bybel in ons etiese gesprekke?", of selfs "Kan die kerk aan etiese waardes verander, of skryf die Bybel eerder vir ons tydlose waardes voor?" Dit gaan inderdaad ten diepste oor ons interpretasie van die Bybel!

Daarom wil hierdie bydrae primêr konsentreer op die wyse waarop die Bybel in die debat funksioneer². Ons gaan eers saam kyk na die komplekse proses van Bybelinterpretasie. Daarna gaan ons kyk na die verskillende plekke waar mense tipies na betekenis soek, en wat ons mening oor hierdie verskillende plekke sou kon wees.

As 'n illustrasie gaan ek dan na die Levitikus-tekste kyk wat normaalweg in die debat genoem word. Ek gaan die komplekse proses van Bybelinterpretasie aan die hand van hierdie tekste probeer simuleer deur "hardop" te sê watter vrae by my opkom, watter verbande ek trek, en tot watter konklusies ek kom deur hierdie leesproses.

Daardeur wil ek allermens voorgee dat dit "die regte" of "enigste" lees van hierdie tekste is nie. Maar ek wil tog beweer dat dit 'n meer verantwoordelike manier van Bybelinterpretasie is wanneer ons toelaat dat verskillende dimensies van betekenis inspeel op ons verstaan van die Bybel.


Die komplekse proses van Bybelverstaan

Soms (meestal?) dink mense dat daar slegs twee komponente nodig is om (regte) Bybelinterpretasie te doen: Die Bybeltekste en 'n (hedendaagse) leser. Hierdie twee komponente is uiteraard onontbeerlik, maar die proses van Bybelinterpretasie is egter baie meer kompleks as dit. Kom ons kyk (aan die hand van die onderstaande diagram) na al die verskillende komponente wat 'n rol speel wanneer ons die Bybel probeer interpreteer.

¹ Louis Jonker het op Stellenbosch studeer, en was voorheen vir tien jaar lank 'n predikant in die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen waar Bybelskool- en Bybelstudie-aktiwiteite sy passie was. Hy was en is steeds by verskillende projekte betrokke wat interkulturele Bybellees wil aanmoedig, ter verruiming van die verstaansraamwerke waarmee lidmate die Bybel lees. Sedert 2003 is hy 'n voltijdse dosent in Ou Testament by die Fakulteit Teologie op Stellenbosch, en hy doen veral navorsing oor die Bybelse literatuur wat in die Persiese periode ontstaan het, bv die Kroniekboek. Hy vind dit fassinerend om deur sy navorsing waar te neem hoe herinterpretasieprosesse reeds in die Bybelse tye meegewerk het om die Bybelse geskrifte tot stand te bring, en hoe veelstemmige gesprekke in die Bybel gelowige mense deur die eeue tot vandag help in hul worsteling om iets te verstaan van die Werklikheid wat ons verstand te bowe gaan, naamlik God."

² Ek gaan allermens probeer om hier op diep eksegetiese verklarings in te gaan. Hoewel deeglike eksegetiese grondslag behoort te lê van ons interpretasie van die Bybel, lyk dit vir my of die verskillende menings oor homoseksualiteit nie bloot 'n eksegetiese twispunt is nie. Verskillende mense kom op grond van dieselfde eksegetiese gegewens tot verskillende standpunte. Dis juis hierdie aspek wat die fokus van my artikel vorm.

Die komplekse proses van Bybelverstaan



Lank gelede, in die Bybelse tyd, kom daar tekste tot stand deurdat die destydse gelowiges in konkrete lewenskontekste hul geloof in God probeer verwoord het. Hierdie lewenskontekste (wat ons "kontekste van oorsprong" kan noem) het uiteraard die manier hoe hierdie belydenisse aangaande God geformuleer is, beïnvloed. Dit was vir die destydse gelowiges belangrik om die geloofsinhoude neer te skryf, omdat hulle op hierdie manier hul geloofsoortuigings aangaande God aan ander omgewings en volgende geslagte wou oordra.

Hierdie tekste is dan ook in konkrete lewensomstandighede ("kontekste van interpretasie") gelees en verstaan. Hierdie omstandighede het eweneens meegespeel in die manier hoe hierdie tekste verstaan is. Hierdie proses kan 'n mens "teksresepsie" noem.

Soos die tyd aangestap het en omstandighede dikwels verander het, is hierdie tekste weer en weer gelees en geïnterpreteer. Telkens in nuwe omstandighede het hulle opnuut gevra hoe God by hulle teenwoordig is. Hierdie antieke prosesse van interpretasie het dan ook in baie gevalle daartoe aanleiding gegee dat tekste herskryf, aangevul of selfs verander is. Op hierdie manier lei die prosesse van teksresepsie tot nuwe teksproduksie.

Algaande ontwikkel daar dan meer en meer tekste wat by mekaar aansluit, op mekaar reageer, en mekaar interpreteer. Hierdie proses duur voort totdat die kanonisering van die Bybel plaasvind (weliswaar oor 'n lang periode). Gedurende die kanoniseringproses (wat deur verskillende konkrete historiese gebeure aangehelp is) word 'n onderskeid gemaak tussen die geskifte om te bepaal wat as gesaghebbend beskou word om die geloof in God en Jesus Christus met gesag oor te dra aan volgende geslagte. Nou word die verskillende tekste en geskifte die Bybel van die Joodse

en Christelike geloofsgemeenskappe. En dit is hierdie Bybel wat ons na al die eeue steeds probeer interpreteer en verstaan, omdat ons (soos die antieke gelowiges wat die tekste gelees het) meen dat dit ook vir ons geloofs- en lewensoriëntasie van rigtinggewende belang is.

Maar sedert die kanonisering van die Bybel ontwikkel daar verskillende interpretasietradisies. In verskillende kerklike en teologiese strominge, byvoorbeeld, word die Bybel op 'n eiesoortige manier verstaan. Hierdie interpretasies kan selfs drasties vanmekaar verskil, onder andere omdat die interpretasies in verskillende konkrete lewenskontekste plaasvind ("kontekste van interpretasie"). Hierdie basiese proses van Bybelinterpretasie kan eweneens as "teksresepsie" benoem word. Een groot verskil met die antieke prosesse van teksresepsie is uiteraard dat nuwe tekste nie nou meer tot die Bybelkanon toegevoeg word nie. Soos iemand dit treffend uitgedruk het: Na die kanoniseringsproses help ons nie meer om die Bybel te skryf nie, ons skryf nou kommentare oor die Bybel!

Die NG Kerk en NG lidmate (soos ander kerke en lidmate) staan natuurlik ook in 'n bepaalde tradisie van interpretasie. Ons is deel van die Protestantse beweging wat sedert 1517 groot klem op "die Woord alleen" lê. Ons is, sonder dat ons soms daarvan bewus is, gevorm deur die tradisie waarin ons die Bybel lees en verstaan. Maar ons moet ook verder bewus wees daarvan dat ons in Suid-Afrika 'n eie variasie op die Protestantse interpretasietradisie ontwikkel het. Onder die invloed van onder andere die Skotse Piëtisme het daar by ons 'n interpretasietradisie ontwikkel wat veral gefokus is op 'n innerlike belewing van God, en wat soms afwysend staan teenoor interpretasietradisies wat hiervan sou verskil.

Hierdie bogenoemde beskrywing dui aan dat Bybelinterpretasie dus nie so eenvoudig is as wat 'n mens oppervlakkig mag dink nie. Dis nie maar net ek en die Bybel nie – daar is 'n magdom van dinge wat meespeel in die proses van Bybelinterpretasie. En die wyse waarop die Kerk, of die lidmaat, hierdie dinge waarneem, is deur die lens van ons voorveronderstellings. Ons het reeds gesê dat die konteks van interpretasie, asook die interpretasietradisie waarin ons staan, bepalend meespeel in ons verstaan van die Bybel. Al hierdie dinge vorm die lense waardeur ons die Bybel lees. En wanneer ons die Bybel lees en verstaan, maak dit (hopelik!) ook aanpassings aan ons voorveronderstellings. Elke nuwe lees van die Bybel gebeur dus met nuwe oë!

Waar soek mense na die betekenis van tekste?

Wanneer ons nou na die betekenis van Bybeltekste vra, blyk dit uit bogenoemde dat dit uiteraard nie so eenvoudig is nie. Watter van bogenoemde elemente is nou bepalend vir die betekenis van tekste? Mense soek uiteraard op verskillende plekke na betekenis in Bybeltekste. Kom ons kyk na 'n paar moontlikhede.

Sommige mense sê dat ons betekenis tog *in die Bybeltekste self* vind. Ons moet maar net lees wat in die Bybel staan, dan sal ons dit glashelder verstaan. Sommige meen dat die Bybel sy eie verklaarder is. Wanneer iets onduidelik is, moet ons dit gewoon gaan uitpluis aan die hand van ander tekste in die Bybel. Uit ervaring (ook in die debat rondom homoseksualiteit) weet ons egter dat dit nie so eenvoudig is nie. Mense wat dieselfde tekste lees, kom tot verskillende gevolgtrekkings.

Ander mense sê weer dat ons nie in die eerste plek op die tekste moet fokus nie, maar eerder moet kyk hoe *ons kerklike tradisie* dit nog altyd verstaan het. Ons moet maar net gaan kyk hoe ons kerk nog altyd geglo het - dit moet dan getrou probeer navolg.

Ons is egter ook bewus daarvan dat die Protestantse beweging juis wou beklemtoon dat 'n mens nie die Bybel deur bemiddeling van die kerklike tradisie verstaan nie, maar dat God direk deur die Woord tot elkeen van ons kan spreek.

Nog ander beklemtoon dat die wêreld waarin die Bybel ontstaan het baie anders was as ons s'n. Ons kan daarom nie sonder meer die waardes van destyds op ons tyd oordra nie. Die sogenaamde wêreld agter die teks moet noukeurig bestudeer word sodat ons met verantwoordelikheid die betekenis en invloed daarvan na ons tyd kan oordra.

Nog ander sê dat ons moet probeer agterkom hoe die eerste lesers/hoorders in die antieke tyd die tekste verstaan het. Ons verstaan van die tekste moet dan 'n nabootsing wees van hoe die Bybelse mense dit verstaan het.

'n Vyfde moontlikheid kom voor waar mense beklemtoon dat ons aan die eise van ons eie tyd moet beantwoord. Om die Bybel vir vandag se mense te vertolk, moet die lewenskontekste van vandag die finale sê hê in ons verstaan daarvan.

Nadat ons bogenoemde vyf moontlike plekke waar betekenis gesoek word, bekyk het, kan ons met reg vra: "Wie is nou eintlik reg? Waar setel betekenis?" Dit wil vir my lyk dat almal iets van die waarheid beet het. Dit lyk vir my juis gevaarlik indien ons die betekenis van die Bybel eksklusief in een plek sou wou soek. As slegs een van bogenoemde vyf moontlikhede tot die alfa en omega verklaar sou word, kan dit juis tot skeeftrekkings lei, en kan die Bybel juis misbruik word. Want uiteindelik word die keuse wat ons maak maar net bepaal deur ons voorveronderstellings. Indien ek deur my eie "lens" kyk, maak die keuse wat ek maak sin. Maar dit sou gevaarlik wees indien ek meen dat slegs my "lens" waarheid kan oplewer, en indien ek ander "lense" sou ontken of ignoreer.

Dit lyk dus vir my meer verantwoordelik as ons al hierdie dimensies van betekenis gedurig in interaksie met mekaar sal bring. Hierdie dimensies is nie uitsluitendes nie, maar is eerder verskillende dimensies van 'n ryke proses waardeur die Heilige Gees ons verstaan begelei. Die Heilige Gees werk sekerlik deur die gemeenskappe waaruit die tekste spruit, deur hul waardes, norme en lewensuitkyk. En die Gees werk deur diegene wat voor ons al die Bybel probeer verstaan het. En sekerlik ook deur ons eie omstandighede.

Daarom moet ons bereid wees om inklusief te verstaan. Uiteindelik is "verstaan" eintlik "saam-verstaan": ons verstaan die Bybel saam met ons vaders en moeders wat ons in geloof voorafgegaan het (dws die geloofsgemeenskappe wat die Bybel help skryf het, asook diegene wat in ons verstaanstradisie ons voorafgaan), maar ook saam met ons broers en susters (dws ander gelowiges – ook uit ander tradisies – wat saam met ons worstel om God se Woord te verstaan).

In die volgende afdeling gaan ek nou probeer aandui hoe hierdie wisselwerking tussen verskillende betekenisdimensies kan plaasvind in die konkrete lees van sekere Bybeltekste.

Kom ons lees die Levitikus-tekste as illustrasie

In die debat rondom die verskynsel van homoseksualiteit is daar 'n aantal Ou en Nuwe Testamentiese tekste wat tipies ter sprake gebring word³. Ek gaan nie hier poog om 'n in diepte

³ Vgl. o.a. Gen. 19; Lev. 18:22 en 20:13; Rig. 19; Rom. 1:24-28; 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10.

eksegetiese bespreking van elkeen aan te bied nie. As illustrasie gaan ek egter die Levitikus-tekste lees om aan te dui hoe verskillende betekenisdimensies hierrondom met mekaar in interaksie tree. Ons begin deur eers die tekste self noukeurig te lees.

Die tekste lui soos volg (in die 1983 Afr. Vertaling):

Lev. 18:22 - "Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde."

Lev. 20:13 - "Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood."

Uit hierdie vertaling lyk dit of die saak glashelder is. Homoseksualiteit word ten sterkste afgekeur. Maar dan is daar tog ook 'n paar vrae wat opkom n.a.v. hierdie tekste: Lev. 20:13 praat slegs oor twee mans wat homoseksueel verkeer. Geld dit dan ook m.b.t. twee vrouens (lesbianisme), of nie? En sien ons kans om die teks heeltemal op die letter te neem? Indien wel, sou dit beteken dat ons homoseksuele mans moes doodmaak!

'n Vergelyking van hierdie tekste in verskillende vertalings roep ook vrae op. Vergelyk die volgende:

1953 Afr. Vertaling

Lev. 18:22 – "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel."

Lev. 20:13 – "En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle."

New Revised Standard Version

Lev. 18:22 – "You shall not lie with a male as with a woman; it is an abomination."

Lev. 20:13 – "If a man lies with a male as with a woman, both of them have committed an abomination; they shall be put to death; their blood is upon them."

New Century Version

Lev. 18:22 – "You must not have sexual relations with a man as you would a woman. That is a hateful sin."

Lev. 20:13 – "If a man has sexual relations with another man as a man does with a woman, these two men have done a hateful sin. They must be put to death. They have brought it on themselves."

Uit bg. vergelyking blyk dit duidelik dat daar verskillende vertalings aangebied word vir wat die 1983 Afr. Vertaling aandui as "homoseksualiteit". Dit blyk verder dat die NRSV die mees letterlike vertaling van die Hebreeuse teks aanbied, nl. "you shall not lie with a male as with a woman ...". Hierdie voorbeelde toon aan dat die meeste vertalings 'n interpretasie gee van die letterlike frase. Ons moet dus versigtig wees dat ons nie die letterlike frase inkleef met 'n inhoud wat uit ons eie tyd kom nie.

Maar kom ons gaan verder met ons leesproses. Ons interpretasietradisie het ons geleer dat die Bybel nie 'n versieboek is nie, maar dat ons **die tekste in hul breër literêre kontekste moet lees**. Die twee tekste kom voor in gedeeltes waarvan die opskrifte in die 1983 Afr. Vertalings telkens

"Oor seksuele verhoudings" is. Dit blyk egter dat hierdie gedeeltes deel vorm van 'n groter korpus riglyne, reëls of wetgewing wat aan Ou Israel gegee is.

In die eerste deel van Lev. 18 word 'n hele aantal riglyne aangebied oor ontoelaatbare seksuele verhoudings, bv. tussen verskillende familielede ens. Ander riglyne rondom seksuele gedrag word ook gegee. In vs. 19 word bv. vermeld: "Jy mag nie met 'n vrou gemeenskap hê terwyl sy menstrueer en dus onrein is nie." Nog verder, in vs. 21, word vermeld dat kinders nie aan (die Moabitiese god) Molek gewy mag word nie. Daarna volg nog riglyne oor seksuele gedrag, onder andere seksuele gedrag tussen mans en bestialiteit.

Hfst. 18 sluit af met 'n sterk herinnering aan die volk Israel dat hulle nie die land mag verontreinig deur hierdie soort gedrag soos wat die vorige inwoners van die land gedoen het nie. Dít moet juis die onderskeid tussen hulle en die vorige inwoners van die land wees, nl. dat hulle rein sal optree.

Hfst. 19 en die eerste deel van hfst. 20 gaan dan voort met 'n hele aantal riglyne van kultiese-godsdienstige aard. Die volk word opgeroep tot 'n heilige en geregtige lewenswandel. Dit word telkens gemotiveer met die frase: "Ek is die Here". Vanuit die heiligheid van die Here word die heiligheid van die volk gedefinieer. 'n Verskeidenheid sake kom aan die orde in hierdie deel, en dit sluit af met die baie eksplisiete aanduiding: "Wanneer iemand sy pa of sy ma vloek, moet hy doodgemaak word. Hy het sy pa of sy ma gevloek en hy verdien die dood" (20:9).

Vanaf 20:10 word dan weer 'n aantal riglyne oor seksuele gedrag gegee – min of meer op dieselfde wyse as die riglyne wat reeds in hfst. 18 aangebied is. Die hoofstuk sluit dan weer eens af met die sterk motivering dat die volk Israel hulleself rein moet hou, sodat dieselfde lot hulle nie in die Beloofde Land sal tref as wat die vorige inwoners getref het nie. Die Here het hulle uit die land verdryf – juis op grond van hul onreinheid.

Hfst. 21 handel oor voorskrifte vir die priesters. Daar word eksplisiet aangedui wie as priester kwalifiseer en wie nie. Die volgende word bv. in vss. 17-20 aangedui: "Geeneen van jou nakomelinge met 'n liggaamlike tekortkoming mag ooit 'n offer aan God bring nie. Geen persoon wat 'n liggaamlike tekortkoming het, mag offer nie: geen blinde of kreupele of iemand met 'n misvormde gesig of liggaamsdeel, of met 'n gebreekte voet of hand, of met 'n boggel of 'n onderontwikkelde liggaam, of met 'n pêrel op die oog, of met skurfte of veluitslag, of 'n beskadigde geslagsdeel nie." Vroeër in die hoofstuk (vs. 5) word vermeld dat 'n priester nie aan die gewone rituele van rou mag deelneem nie, en dat hy sy baard moet laat groei.

In die volgende hoofstuk word allerhande riglyne aangebied oor die eet van gewyde gawes, oor offers en oor die korrekte viering van al die feeste. Dit is voorwaar 'n groot mengelmoes van onderwerpe wat aan die orde kom.

Na hierdie (lang) omweg om die breër literêre konteks van ons tekste te bepaal, word nog meer vrae by ons opgewek: Waarom hierdie vreemde groepering van etiese riglyne? En waarom kies ons om ons aan sekere dinge in die tekste te steun, en aan ander nie? Ons word gekonfronteer met die vraag waarom ons bereid sou wees om homoseksualiteit ten sterkste af te keur, maar dan nie bereid sou wees om homoseksuele mense dood te maak nie. Of verder: waarom ons nie bereid sou wees om ons kinders dood te maak as hulle ons as ouers sou vloek nie. Of waarom ons nie meer die streng riglyne vir priesters letterlik opneem (en bv. van hulle verwag om 'n baard te kweek nie!).

Ons waarneming van die breër literêre konteks bring dus nog 'n betekenisdimensie na vore wat in wisselwerking tree met die betekenis wat blyk wanneer die tekste opsigself in isolasie gelees sou word.

Miskien kan die **ontstaanswêreld van die Bybeltekste** ons help om dit beter te verstaan. Wanneer ons 'n bietjie meer oor hierdie wêreld lees, kom ons agter dat daar in sekere godsdienstige kringe in Ou Israel 'n bepaalde verstaan van God se geordende skepping was. 'n Mens sou dit in konsentriese sirkels kon sien: In die middel staan God in Sy groot heiligheid. Alle uitkringende sirkels vanaf hierdie sentrum, moet afskynsels van die heiligheid van die Sentrum wees. Alle lewensfere in Ou Israel is volgens hierdie denkwysse ingedeel.

Die tempelargitektuur weerspieël dit bv. met die Allerheiligste in die binnekant (waar slegs die hoëpriester, na sekere reinigingsrituele en slegs een maal per jaar, mog ingaan), die Heilige gedeelte daarbuite (waar die priesters die offerhandes gebring het), en die Voorhof daarbuite (waar vroue en vreemdelinge toegelaat is).

Die samelewing is ook dienooreenkomstig ingedeel: Die priesterskap as die binnekring, met ander "minder heilige" dele van die samelewing daarrondom gegroep. En buite die stad moes die vreemdelinge en uitgeworpenes (soos diegene wat aan velsiektes soos melaatsheid gely het) vertoef. Die "grense" tussen hierdie dele van die samelewing kon slegs in sommige gevalle, en na allerhande reinigingsrituele, oorgesteek word.

Die afgrensing was natuurlik nie net beperk tot die volk van Israel nie. Die heel buitenste sirkel is gevorm deur die sg. heidennasies (d.w.s. diegene wat nie die God van Israel aanbid het nie).

Kossoorte is ook volgens hierdie denkwysse gekategoriseer. Sommige dinge is as rein, en ander as onrein beskou (volgens kriteria wat nie altyd vir moderne mense verstaanbaar is nie).

Selfs die geskape werklikheid is op hierdie wyse verstaan. Daar is orde in die skepping, en elke ding het sy plek waarbinne dit rein is. Daarbuite word iets onrein. [Bybeluitleggers wys ons daarop dat Gen. 1 se skeppingsverhaal heelwaarskynlik ook afkomstig is uit dié kringe van die samelewing wat alles op hierdie geordende wyse waargeneem het.]

So sou ons kon verder gaan. Dit is duidelik dat die Bybelse mense, veral in sommige kringe van die samelewing, 'n denkwysse oor die lewe en die wêreld gehad het wat radikaal verskil van ons denkwysse vandag. Dit blyk ook dat ander kulturele en sosiale waardes 'n rol gespeel in die Bybelse tyd as in ons dag. Hierdie soort waardes is vervat in 'n gedeelte van die boek Levitikus (hfst. 17-26) wat as die Heiligheidskodeks bekend staan. Dit blyk uit navorsing dat hierdie deel van die boek waarskynlik 'n eie ontstaansgeskiedenis het, en dat dit later "ingebou" is in die groter konstruksie van Levitikus en die verhaal van Israel se woestyntog op pad na die Beloofde Land. Ons weet ook dat die tipe riglyne wat in hierdie Heiligheidskodeks voorkom in die meeste gevalle nie uniek aan die goddiens van Ou Israel is nie, maar dat dit ook in baie ander Ou Nabye Oosterse wetgewing voorkom. Die sterk afgrensing t.o.v. die heidennasies wat voorheen die land bewoon het, is egter 'n unieke element wat dui op Israel se selfverstaan as die volk van God.

Die wêreld agter die teks blyk 'n belangrike dimensie van betekenis te wees wat sekerlik moet inspeel op ons verstaan van die tekste.

'n Volgende dimensie wat ons sou kon ontgin is hoe **die vroeë Christene** hierdie reinheids- en ander wetgewing van Ou Israel verstaan en gebruik het. Dit kan ons help in ons eie soeke na 'n manier hoe die Bybel in ons etiese waardevorming kan funksioneer.

Ons kyk eers vlugtig na die geskrifte van Paulus en Paulus se dissipels (wat in tyd die Evangelies voorafgaan). Die sake waaroor dit in die Ou Testamentiese wetgewing gaan, word heel dikwels op eiesoortige wyse in hierdie vroeg-Christelike geskrifte opgeneem. So behandel die brief 1 Korinthiërs bv. sake rakende seksuele gedrag, huwelik en egskeiding, die vereistes vir apostelskap, asook die regte viering van sekere godsdienstige feesgeleenthede. Uit die verskeidenheid van Paulus en sy dissipels se geskrifte wat in die Nuwe Testament opgeneem is, blyk dit aan die een kant dat daar 'n baie streng houding ingeneem word m.b.t. sommige van die Ou Testamentiese wetgewing. Op grond daarvan word sekere seksuele gedrag afgewys, en word die vrou bv. in 'n ondergeskikte posisie tot die mans in die gemeente gesien. In nog ander gedeeltes van hierdie geskrifte blyk dit egter weer dat Paulus die Christengelowiges se vrymaking van die verslawing van die wet wil beklemtoon. Christene is nie gebonde aan die letter van die wet nie, omdat hulle leef onder die genade.

In die Evangelies kom dieselfde patroon voor. In sommige gevalle word aangedui dat Jesus die Joodse wetgewing wou radikaliseer. In Matt. 5:17-20 word bv. aangedui dat Jesus sou gesê het dat Hy nie gekom het om die wet ongeldig te maak nie, maar om dit juis sy volle betekenis te laat kry. In die lig daarvan word Sy dissipels opgeroep om in hul wetsgetrouheid selfs verder te gaan as die skrifgeleerdes en Fariseërs. 'n Konkrete voorbeeld is die kwessie van egbreuk en egskeiding (bv. Matt. 19:1vv.) word. Dit blyk dat die evangelieskrywers aandui dat Jesus die wetlike toegewings rondom egskeiding interpreteer as ontoelaatbaar, en dat dit ten diepste op egbreuk neerkom. In ander gevalle word aangedui dat iemand wat selfs in sy gedagtes 'n vrou sou begeer, hy reeds met haar egbreuk gepleeg het (vgl. Matt. 5:27vv.).

In ander gevalle gee die Evangelies egter weer 'n ander prentjie. Wanneer Jesus bv. deur die Fariseërs aangekla word dat Hy nie die sabbat op die regte manier hou nie (vgl. Matt. 12:1vv.), dan verdedig Jesus homself deur aan te dui dat hulle te rigied is in hul interpretasie van die oorgelewerde wetgewing. Ook in Matt. 15:1vv. is daar 'n gesprek tussen Jesus en die Fariseërs en Skrifgeleerdes oor die wyse waarop die oorgelewerde gebruik as normatief beskou moet word of nie. In hierdie konteks word die Skrifgeleerdes en Fariseërs se selektiewe interpretasie van bv. die wetgewing in Lev. 20:9 oor kinders wat hul ouers vloek, aan die kaak gestel. Nog verder (in vss. 10-11) word aangedui dat Jesus sou gesê het: "Julle moet nou luister en mooi verstaan! Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak 'n mens onrein." Dit is duidelik dat hier ook 'n verwysing na die reinheidwetgewing vanuit die ou bedeling is. Hierdie wetgewing word nou egter "afgeswak" deur die aanduiding dat dit nie die onnoukeurige nakoming van reinheidswette is wat 'n mens onrein maak nie, maar eerder die onrein dinge wat uit die hart uitkom.

In al hierdie verwysings en gesprekke wat in die Evangelies weergegee word, word duidelik gemaak dat die letterlike nakoming van die wet nog nie die diepste bedoeling daarvan na vore bring nie. Dit gaan uiteindelik nie oor die letter nie, maar oor die gesindheid van die hart (vgl. bv. Matt. 5:20; 22:34vv.; 23:1vv.).

In die **verskillende kerklike tradisies** word daar, op grond van die verskeidenheid Bybelinhoude soos hierbo uiteengesit, uiteenlopende standpunte ingeneem oor sake soos seksualiteit en die kerklike ampte. Die Rooms-Katolieke tradisie huldig bv. tot vandag die standpunt dat priesters van

die kerk manlik moet wees, en selibaat moet bly. Ander tradisies deel steeds die standpunt dat mans nie in die ampte (o.a. predikantsamp) mag dien nie. In ons eie kerklike tradisie (NG) het die standpunt hieroor egter in die 1990's verander. Vroue word dus volledig toegelaat tot die ampte. Ander kerke van dieselfde Gereformeerde tradisie (bv. Geref. Kerk) laat steeds nie vroue in die ampte toe nie. Vroue word egter van die begin van die Christelike kerk af as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar.

M.b.t. die seksuele oriëntasie van lidmate en persone in kerklike ampte, is daar bykans in alle kerke hewige debatte aan die gang. Daar is bykans geen kerk meer wat op grond van iemand se seksuele oriëntasie persone uitsluit om volwaardige lidmate van die kerk te wees nie. Die motiverings hiervoor wissel natuurlik van die een uiterste waar homoseksualiteit volledig aanvaar word as deel van God se geskape werklikheid, tot die ander uiterste waar homoseksualiteit as sonde gesien word, maar waar die "sondaars" dan tog binne die kerk welkom is om daar tot inkeer gebring te word.

Die kernpunt van die debat rondom homoseksualiteit wentel dikwels rondom toelating tot die ampte, al dan nie (soos onlangs ook in die NG Kerk). Enkele Protestantse kerke (bv. in Nederland en die VSA) het al tot die stap oorgegaan om homoseksuele persone te orden in die amp van predikant. Dit blyk egter dat die minderheid kerke nog tot hierdie standpunt oorgegaan het.

Kom ons kom **terug by ons eie tyd**: Wat leer ons uit die wetenskaplike navorsing wat oor die verskynsel van homoseksualiteit beskikbaar is? Dit blyk dat daar al hoe meer getuienis na vore kom dat mense nie bloot uit eie keuse homoseksueel is nie, maar dat daar 'n ingewikkelde verskeidenheid biologiese faktore 'n rol speel in die seksuele oriëntasie van mense. In psigiatrisiese kringe word homoseksualiteit ook al vir baie jare nie meer as afwyking gesien nie, maar as 'n variasie in seksualiteit.

Watter rol moet hierdie wetenskaplike getuienis in ons etiese waardevorming en ons interpretasie van die Bybel speel? Sommige Bybeluitleggers wys daarop dat die sg. Wysheidstradisie in die Ou Testament (bv. teenwoordig in die boeke Spreuke, Prediker en Job) nie misgekyk moet word in hierdie diskussies nie. Die Wysheidstradisie leer ons dat 'n mens met "common sense" waarnemings moet maak oor die geordende skepping rondom jou. Uit die gegewene van God se skepping, kan ons wysheid bekom. En wysheid, so sê die Wysheidsleraars, begin met die dien van die Here. Sou 'n mens op grond hiervan kon sê dat gelowiges met 'n opregte hart moet waarneem wat die wetenskap oor God se skepping vir ons uitwys om daaruit dan afleidings te maak?

In hierdie debatte, so lyk dit vir my, is dit daarom ook uiters belangrik om te luister na die **insette van gay mede-gelowiges**. Ons hoor by hulle van die verwerping en liefdeloosheid wat hulle tradisioneel binne die kerk ervaar het. Ons hoor dat hulle swaarkry in 'n samelewing wat hulle as afwykings en randfigure beskou. Ons hoor dat hulle seerkry wanneer hulle geassosieer word met homoseksuele mense met perverse lewensgewoontes, en as hulle as "kinder-molesteerders" uitgekryt word. Ons hoor by hulle dat hulle ook behoefte het aan 'n verhouding van trou en liefde met 'n lewensmaat. Ons hoor by hulle dat hulle nie die sg. "gay tekste" uit die Bybel sou wou weglaat nie, maar dat hulle juis instem daarmee in hul protes teen perversiteit en obseniteit. Ons hoor en sien hoe gay gelowiges met integriteit en sensitiwiteit die Woord van die Here kan bedien. En ons hoor en sien hoe gay gelowiges, as gewone en volledige mense, ook foute begaan en ontrou kan wees aan hul roeping as Christene.

Hoe tree hierdie betekenisdimensies by my in interaksie om 'n persoonlike mening te vorm?

Noudat ons al hierdie verskillende betekenisdimensies vlugtig bekyk het, hoe moet ons kies waar om betekenis te gaan soek? Moet ons gewoon luister na ons gay mede-gelowiges? Of moet ons ons volledig verlaat op wetenskaplike getuienis? Of moet ons maar in lyn bly met die kerklike tradisie waarin ons staan? Of moet die vroeë Christene se interpretasie van die OT wetgewing ons lei? Of die omstandighede van die Bybelse tye? Of die literêre kontekste waarin die tekste voorkom? Of die tekste self?

Soos reeds vroeër aangedui, bepaal die lense van ons voorveronderstellings watter antwoord ons op bg. vrae sal gee. Maar hierbo is ook aangedui dat betekenis nie na vore kom deur bloot 'n keuse vir een van hierdie dimensies te maak nie, maar om toe te laat dat hierdie dimensies inspeel op mekaar.

Op grond hiervan het ekself 'n standpunt oor homoseksualiteit geformuleer. Ek gee nie voor dat dit die "regte" of "enigste" standpunt is wat uit die Bybel afgelei kan word nie. Ek bied dit aan as 'n standpunt wat persoonlik van aard is, maar ook met die gesindheid dat ek my standpunt steeds en voortdurend sou wou toets in gesprek met vaders en moeders, en broers en susters.

Ek wil twee punte noem:

Seksuele *oriëntasie* kan nie 'n kriterium wees waaraan kerklike ampsdraers "gemeet" kan word nie (dws, 'n homoseksuele predikant sou in orde wees – as ons konsekwent wil wees!) Indien ons die wetenskaplike getuienis sien as deel van God se begeleiding van ons nadenke oor hierdie saak, kan ons nie homoseksualiteit as sonde of afwyking beskou nie, en allermins as duiwelbesetenheid!

Seksuele *gedrag* is wel 'n kriterium (dws, homoseksuele EN heteroseksuele perversiteit sou afbreuk doen aan die beeld van God!) Dit is glashelder uit die Bybelse inhoud dat seksuele gedrag ten nouste te make het met 'n Christelike lewenswandel. Die seksuele gedrag van gelowiges moet d.m.v. liefde, getrouheid, reinheid uitdrukking gee van die heiligheid van God. Dit beteken dat ons van gay mede-gelowiges (soos ook van heteroseksuele gelowiges) kan verwag om hoë morele sedes te handhaaf wat uitdrukking gee van hul geloof in die heilige God.

'n Kerklike bediening aan homoseksuele lidmate?

Hoe sou die kerk homoseksuele lidmate kon bedien. Ek wil vier punte noem:

- Begeleiding in terme van hul menslike identiteit in 'n samelewing waarin hulle die "ander" is;
- Begeleiding in geloofsgroei en geloofsidentiteit;
- Begeleiding om volwasse, troue en liefdevolle verhoudings te bou en te onderhou;
- Begeleiding om hul gawes in diens van Koninkryk en gemeente te stel.

Maar hierdie punte sou eweseer m.b.t. heteroseksuele gelowiges genoem kan word. Die kerk se roeping is om mense, as beeldraers van God, te ondersteun en begelei in hul alledaagse lewe in hierdie wêreld.

Slot

Hiermee is die laaste woord oor die Bybel en homoseksualiteit sekerlik nog nie gesprek nie! En uiteraard is dit nodig dat daar baie dieper op al bg. sake ingegaan moet word en dat die Bybeltekste met deeglike eksegesi ontleed moet word. Maar hierdie aanbieding het probeer om die dinamika van Bybelinterpretasie m.b.t. die debat oor homoseksualiteit te belig.

Selfdegeslagverhoudings: 'n Nuwe Testamentiese perspektief

© Prof Jeremy Punt⁴

Dit is goed dat daar tans oor seksualiteit itv verhoudings gepraat word, anders as in die verlede toe die gesprek oor homoseksualiteit byna “pornografies” was met die klem op seksuele aktiwiteite. Die gesprek oor homoseksualiteit staan uiteraard nie los van liggaamlikheid en seksualiteit nie. Oor meeste van hierdie sake is die NT tekste stil, en oor selfdegeslagverhoudings word niks vermeld nie, ook niks oor “homoseksualiteit” nie. Daarom vra besinning oor hierdie tema deeglike studie sowel as nederigheid – en daarom is hierdie kort weergawe bloot 'n eerste tree en die buitelyne van 'n veel groter en komplekse gesprek. Deeglike studie van die NT beteken om erns te maak met die interpretasie van tekste deur 'n verantwoordelike en verantwoordbare hermeneutiek. Woorde het betekenis in tekste én kontekste, en daarom is al drie van groot belang – en Bybelvertalings het in die verlede vir verskillende redes, helaas, nie altyd goeie vertaalkeuses van die Grieks aangebied nie, soos in die aanbieding gedemonstreer word.

In die *sosiohistoriese konteks* waarin die NT ingebed is, het 'n een liggaam-opvatting geheers met die manlike liggaam as norm. Die vroulike was verstaan as die inverse, private en minderwaardige van die manlike as die oorspronklik, openbare, en verhewe. Die “sosiale liggaam” het die “seksuele liggaam” bepaal (soos vandag nog), wat destyds beteken het dat 'n gender-hiërgargie geheers het, en dat die NT wêreld androsentries, patriargaal, en chauvinisties was. Sosiale en interpersoonlike mag was verstaan binne kontrasterende pole soos aktief/passief wat op seksuele vlak itv penetrasie sosiale en simboliese waarde ontvang het. Waardes soos self-beheersing en tevredenheid, saam met ander sosiale waardes en praktyke soos eer/skaamte; rein/besoedel; seksuele stereotipering; klem op voortplanting; ens het verder bygedra om die antieke samelewing se seksuele “common sense” (die “natuurlike”) te vorm. Alhoewel selfdegeslag seksuele verkeer (oftewel homoërotisme) toegelaat en in enkele gevalle aangeprys is in die NT se tyd, is dit meestal afgekeur omdat daar gemeen is dat dit die sosiale en gender hiërgargie sou versteur, (passiewe) mans van sosiale mag ontnem het, en in die teken van ongebreidelde seksuele verkeer gestaan het.

Die aantal *tekste* in die NT was moontlik na homoërotisme verwys is beperk tot drie, synde Rom 1:26-27; 1 Kor 1:9; 1 Tim 1:10 (bv Jud 1:7 roep waarskynlik gebeure soortgelyk aan Gen 6:1-4 op). Slegs in Rom 1 is daar 'n langer opmerking oor homoërotisme, maar ook nie as sodanig nie; homoërotisme is volgens die argument die gevolg van 'n versteurde orde in die samelewing omdat mense teen God rebelleer. Binne die Joodse tradisie was afgodediens dikwels as die oorsaak van seksuele losbandigheid gesien. Die probleem met homoërotisme was dat dit in kontras tot die “natuurlike” orde soos hierbo beskryf is, gestaan het. Wanneer Rom 1 binne sosiohistoriese konteks en as teologiese argument gelees word, val die klem op “natuurlike gebruik” en “teen

⁴ Jeremy Punt is professor in Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch sedert 2004, en tans voorsitter van die Ou- en Nuwe Testament dissiplinegroep. Hy was voorheen verbonde aan die Universiteit van Fort Hare waar hy van 1991-2003 dosent was. In daardie tyd word hy georden in die destyds NG Sendinggemeente (nou VGK) Middellande as tentmakerleraar (1992-2003). Sy navorsingswerk fokus op die Nuwe Testament en hermeneutiek, die verlede en die hede, en op kulturele studies en kritiese teorie in die besonder – dit sluit ook navorsing oor gender kritiek en –interpretasie, veral in die Pauliniese geskrifte, in.

natuurlike gebruik". Die omvang en impak van die "natuurlik" argument was breed en is ook gebruik tov slawe; vroue; selfs die lengte van hare, kleredrag, ens. Onnatuurlik in 1ste eeu (soos vandag) was dit wat teen die konvensie (=sosiale konstruk; kultureel-bepaald) ingaan. Rom 1 maak geen direkte appèl op die "skepping" nie; en sulke interpretasies is gewoon geïnterpreteerde geskiedenis; die klem val op die geskape wêreld waarin rasionaliteit en orde gereguleer word.

Seksuele daade (nie mense of verhoudings nie) word gekategoriseer, met duidelike retoriek: drangmatige en "onbehoorlike" seks is nie toelaatbaar nie. In die sondelyste ("vice lists") in 1 Kor 6 en 1 Tm 1 word woorde gebruik wat waarskynlik na homoërotisme verwys. Beide terme (een is 'n Pauliniese neologisme) word negatief, neerhalend en nie deskriptief nie, gebruik. Sondelyste was algemeen gebruik in daardie tyd, met die klem op die geheel sonder om te fokus op een element, om deur gebruikmaking van stereotipering ("shotgun-approach") 'n bepaalde groep en hul identiteit aan te val as opponente of teenstanders. Seksuele stereotipering in die antieke wêreld was algemeen, en bedoel om te dui op onbeheerde, kontra-normatiewe gedrag, wat as bedreiging vir samelewing sou kon onhou. Interessant, in ander NT sondelyste (bv Gal 5:19-21) kom daar geen verwysings na homoërotisme voor nie.

Die NT se kritiek op Grieks en Romeinse homoërotisme is ingebed in die ondergrawing van "orde": magsrelasies en rolle (aktief/passief). Die telkens negatiewe uitbeelding roep beelde op van drang-oorheersde, magtige mans wat oor ander mans mag uitoefen (oorweldig). Manipulerende, ongelyke magsrelasies wat die Grieks-geïnspireerde pederastie kon insluit, is ter sake. Eerste-eeuse mense se seksuele identiteit het volledig van hul sosio-politiese plasing afgehang, met bv slawe en slavinne wat ook seksueel beskikbaar was vir hul eienaars. Seks was ewe problematies as eet en drink, en daar is geglo dat regulering gevaarlike en skadelike gevolge beperk. Belangrik is dat dit in die NT om seksuele daade gaan, en nie seksuele oriëntasie nie.

'n Derde en dikwels verwaarloosde aspek van Bybelinterpretasie is die sg wêreld voor die teks, die **geskiedenis en tradisies van interpretasie** wat veral op Bybelvertaling maar ook op die lees van tekste groot invloed uitoefen. In die eeue-oue stryd om die betekenis van die Bybel, was mans grotendeels die dominante groep, en het die drietal van heteroseksisme, heteronormatiewiteit en homofobie vir lank hoogty gevier in kerk. Belangrike onlangse ontwikkelings stel egter toenemend vrae aan gevestigde opvattinge: "homoseksualiteit" is 'n 18de-eeuse konstruk; seksualiteit is meer kompleks as 'n saak van genitalieë en vervleg met identiteit; biologie en sosiologie is onlosmaaklik verbind; seksuele oriëntasie beteken nie gender verwarring nie; gender is 'n saak van sosiale konstruksie en "performatiwiteit"; ens.

Ten slotte, nie een van die dikwels aangehaalde NT tekste het "homoseksualiteit" as tema nie. Nie een van hierdie NT tekste is primêr besorg oor homoërotisme nie (eerder teologiese argumente oor afgodery; regsake onder gelowiges; en, plek van die Tora). In nadenke oor homoseksualiteit is dit belangrik om ander tekste en temas in die NT in ag te neem: die inkarnasie van Jesus wat liggaamlikheid sentraal stel; die sentrale plek van liefde; die insluiting van mense (juis teen die natuur, Rom 11:21); klem op die nuwe skepping, nuwe identiteit; ens. Nuwe interpretasies beteken nie Bybel-misbruik nie, maar dikwels eerder die losmaak van konvensionele, kultureel ingeburgerde boei wat interpretasie bind.

“Om saam met *al* die heiliges Christus te ken”?

Van ‘n hermeneutiek van sekuriteit na ‘n hermeneutiek van gasvryheid

© Prof Robert Vosloo⁵

Ek was lid van ‘n kommissie wat by die sinode van die Wes-en-Suid-Kaap in 1995 aangewys is om na aanleiding van ‘n versoek van ‘n gemeente in Beaufort-Wes ‘n verslag aangaande pastoraat aan die “homoseksuele” persoon voor te berei. Die verslag het by die sinode van 1999 gedien, en het heelwat reaksie ontlok, ook vooraf in die media. By die sinode was daar dan ook ‘n lewendige gesprek. Een predikant, eintlik ‘n kollega van my op daardie stadium, het tydens sy spreekbeurt iets gesê wat ek al sedertdien telkens oor nagedink het. Hy het gesê: “Ons moenie mense deur die Bybel lees nie, maar *die Bybel deur mense*”.

Wat moet ons maak met so ‘n stelling? Is dit nie ‘n aantasting of afwatering van die gereformeerde verstaan van die gesag van die Skrif nie? is dit nie ‘n stuk sekulêre humanisme waarin mense (al is dit dan nou ook hulle pyn en swaarkry) vir ons belangriker raak as God, as God se Woord, nie? Moet ons regtig ander mense as die lens gebruik waardeur ons die Bybel lees? Moet ons nie juis eerder buig voor die gesag van God se Woord nie, en so ander mense, insluitende onself, onder die oordeel van God se Woord plaas nie? Selfs al is dit nie vir ons ‘n lekker gedagte nie, of selfs al voel dit vir ons na ‘n harde woord wat ongelukkig negatiewe implikasies vir sommige mag hê, moet ons vas bly staan, en nie toelaat dat ons gevoel vir ander – selfs nie eens ons begrip of deernis vir hulle – maak dat ons die Skrifuitsprake versag nie.

Ek meen dat wat die predikant (met die stelling dat ons die Bybel deur mense moet lees) wou sê, was nie om te argumenteer dat die Bybel nie gesag het nie of dat ons nie moet toelaat dat die Bybel ons eie voorveronderstellinge, gedagtes en dade kan en moet uitdaag nie. Nee, waarteen hy dit gehad het, is eerder ‘n benadering waarvolgens ons met ‘n beroep op Bybel-tekste op ‘n mens-onterende en lewe-dreinerende manier oor ander mense praat. Dit gaan dus oor ‘n kritiek teen ‘n sekere hermeneutiek waarvolgens ons meen dat ons los van mense (dan spesifiek hulle trauma en ervarings van pyn en uitsluiting) die Bybel kan lees, en dan dink dat so ‘n beskouing Bybels is. In die proses raak ons maklik, soos die Nederlandse teoloog Miskotte dit gestel het, *Bybelvas*, maar nie *Bybelgetrou* nie. Om die Bybel deur mense te lees, is – daarteenoor – ‘n keuse vir ‘n ander hermeneutiek, vir ‘n interpretasie van die Skrif wat op liefde gebou is.

In sy *De Doctrina Christiana* (“Oor die Christelike lering”) gee die kerkvader Augustinus ondersteuning aan só ‘n benadering. Ek haal aan: “Whoever, then, thinks that he understands the Holy Scriptures, or any part of them, but puts such an interpretation upon them as does not tend

⁵ Robert Vosloo is tans professor in Sistematiese teologie aan die teologiefakulteit, Universiteit Stellenbosch. Hy is sedert 2005 aan die fakulteit verbonde, en was voor dit vir tien jaar predikant in die Ned Geref Kerk Durbanville. Sy boeke sluit in “Die ligtheid van die lig: Oor morele oriëntasie en ‘n postmoderne tyd” (met Nico Koopman) en “Engele as gaste? Oor gasvryheid teenoor die ander”. Laasgenoemde is ook in Nederlands vertaal. Hy is verder mede-redakteur (met Mary-Anne Plaatjies van Huffel) van “Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice: Remembering 1960-1990.” Hy het onlangs sy professorale intrede gehou, met as tema, “Tyd in ons tyd: oor teologie en toekomsgeoriënteerde herinnering”.

to build up this twofold love of God and our neighbour, does not understand them as he ought.” Om die waarheid te sê, hy gaan selfs so ver as om te sê: “And thus a man who is resting upon faith, hope and love, and who keeps a firm hold on these, does not need the Scriptures except for the purpose of instructing others.” Vir Augustinus is die interpretasie van die Skrif in diens van die opbou in liefde, van *caritas*. As ons Skrifuitleg nie in die liefde gedrenk is nie, moet ons ernstige vrae oor ons Skrifinterpretasie vra.

Laat ek my kaarte op die tafel plaas. Ek meen dat hierdie aksente ‘n verskuiwing vra, ook in ons denke oor selfdegeslag verhoudinge en verbintenisse, en die gebruik van die Bybel in dié gesprek. Dit vra ‘n beweging, myns insiens, van wat as ‘n *hermeneutiek van sekuriteit* beskryf kan word na wat ‘n *hermeneutiek van gasvryheid* genoem kan word. Wat word met ‘n hermeneutiek van sekuriteit bedoel? Hiermee bedoel ek ‘n benadering wat meen dat die Bybel ‘n duidelike en universele bloudruk gee vir die Christelike morele lewe, met duidelike en klokhelder reëls. Reëls is belangrik vir die Christelike lewe, dit is in ‘n sekere sin die konsentraat van die wysheid van die eeue. Maar reëls kan nie losgemaak word van die konteks waarin dit geïnterpreteer moet word nie. Daar bestaan ‘n gevaar dat ons sekuriteit kan vind in hierdie skema van duidelike reëls en ondubbelsinnige “beginsels.” Ons epistemologie is een van onaanvegbare versekerdheid, ons weet weet wat reg en verkeerd is, wat sonde is en wat nie. In die proses het ons nie eintlik ander mense nodig om die Bybel te lees en te interpreteer nie. Ons hoef nie met mekaar te worstel en sáám te soek na die waarheid vir óns en ons tyd nie, want daar is niks nuuts wat die ontmoeting kan bydra nie. So ‘n hermeneutiek van sekuriteit immuniseer ons van die moeiliker pad om toe te laat dat die realiteit van ambivalente uitsprake, botsende menings, verskillende perspektiewe, ons netjies skemas bevraagteken. Ons vooropgestelde idees bly dus in plek. Miskien is die diepste beperking van ‘n hermeneutiek van sekuriteit dat ons eintlik nie eers meer vir God nodig het nie. Ons hoef nie met ons naaste of God te worstel nie want die waarhede is reeds vir ons gegee op ‘n manier wat nie vir interpretasie vra nie. Die waarheid word van die soeke na die waarheid losgemaak.

Ek meen dat so ‘n hermeneutiek van sekuriteit in ons dag ‘n groot versoeking bied. So ‘n houding is veral ‘n versoeking as ons voel ons identiteit word bedreig, as ons voel dat die grond onder ons voete skuif, as ons voel dat alles op losse skroewe is. Dan soek ons vastigheid, dan wil ons weer beheer terugkry, weer (morele) orde skep, weer die afvalliges tot orde roep. Ek meen dat ons hierdie versoeking moet weerstaan. Die beter weg is na my oordeel die weg van ‘n hermeneutiek van ontmoeting, ‘n hermeneutiek van gasvryheid.

‘n Hermeneutiek van gasvryheid bevestig dat ons die Bybel inderdaad deur en mét mense moet lees. Dit is ‘n verbintenis tot wat as ‘n ekumeniese waarheidsoeke beskryf kan word. Dat ons verbind is om sáám met al die heiliges Christus te ken. In terme van die gesprek oor selfdgeslagverhoudings beteken dit inderdaad: “Nothing about us without us.”

Hierdie hermeneutiek van gasvryheid vra nie dat ons die Bybel minder ernstig neem nie, of dat ons sekere tekste nie lees nie. Dit vra om die waarheid te sê dat ons die Bybel, die hele Bybel, méér ernstig neem. Dit is wel belangrik om te sien dat hierdie beweging na gasvryheid reeds sterk uit die Bybelse tekste na vore beur. Dink maar aan die gelykenisse van Jesus. Soos die gelykenis van die verlore seun (of die verwelkomende vader of die ongasvrye broer, of hoe ook al ons die gelykenis wil beskryf) waar ons sien hoe ‘n verbintenis tot liefdevolle verhoudinge die wet- en reëlskema van die dag herkonfigureer. Gasvrye omhelsing seëvier oor ‘n logika van skynbaar geregverdigde uitsluiting. In die evangelies lees ons dikwels hoe die Fariseërs vir Jesus deur die lens van die Skrifte beskou (wat hulle op ‘n sekere manier uitlê). Hulle meet hom aan die Skrifte

en hy slaag nie die toets nie. Jesus breek die reëls, hy oortree die geboë, hy sluit in wie uitgesluit moet word, hy deel tafels met twyfelagtige karakters. En ons sien ook hoe Jesus 'n spieël vir hulle ophou wat hulle Skrifuitleg aan die kaak stel. Maar ons sien ook hoe hierdie Jesus self as 'n gemarginaliseerde, uitgeslotene, en veragte, buite die stad, in die naam van godsdiens, politiek, twee regstelsels, en populêre opinie, gekruisig word.

Die tyd ontbreek om in detail op die worstelstryd van die vroeë Christelike gemeenskappe om hierdie hermeneutiek van gasvryheid te beliggaam, in te gaan. Dit was, byvoorbeeld, nie 'n weg sonder stryd om die bekeerlinge uit die heidendom 'n regmatige plek te gee nie, om nie aan te dring dat hulle besny moet word nie. Hewige konflikte het in die proses ontstaan. En ons sien in die boek Handeling (kyk na hoofstukke 10-15) dat dit juis as gevolg van Paulus, Barnabas en Petrus se ontmoetinge met nie-Joodse Christene was, en die ervaring van die werking van die Gees in hulle midde, wat hulle vir die insluiting van hulle in die gemeenskap sonder die noodsaak van besnydenis, laat argumenteer het. Ons lees dan ook dat Petrus in sy toespraak by die kerkvergadering sê: "Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van Here Jesus gered word" (Handeling 15:11).

Ek wil nie aanvoer dat die argument vir 'n hermeneutiek van gasvryheid noodwendig tot 'n sekere siening van selfdegeslagverhoudinge sal lei nie. Wat ek wel wil argumenteer is dat 'n interpretasie van die Bybel wat 'n weg probeer soek om hierdie verhoudinge, om earlike ontmoetinge, om diepgrondige vriendskappe, ontoereikend is, en na my oordeel die hart van die Bybelse boodskap en die integriteit van die evangelie loën. In ons ontmoetinge met ander ontdek ons tog immers oor tyd gewoonlik twee dinge. Eerstens dat hulle anders as ons is, dat ons nie moet dink ander is maar soos ons nie, dat ons hulle presies verstaan nie, dat ons presies weet vooraf wat hulle dink en voel nie. Ons het tyd nodig om mekaar in ons andersheid te leer ken, te respekteer, te aanvaar, en te geniet. Maar ons mag ook in die ontmoeting ons eendersheid ontdek, dat ons mense is wat na die beeld van God geskape is, dat ons broers en susters is, dat ons gedeelte pyn en vreugdes het. Calvyn sou ons al herinner dat selfs die verste vreemdelinge dra 'n vergrootglas waarin ons hulle as broers en susters sien verskyn.

Om terug te keer na die besluit van die sinode van Wes-en-Suid-Kaap van 1995 waarna ek verwys het. Een van die belangrike beslissings wat hier geval het, was die besluit om nie net oor gays nie maar met gays die pad te loop. So 'n keuse staan vir my in die teken van 'n hermeneutiek van ontmoeting, van gasvryheid. Maar as ek terugkyk op die proses in die NG Kerk die afgelope 20 jaar dan sien ek 'n sekere patroon. Hierdie soort van inklusiewe hermeneutiek lei dan tot verslae en besluite wat vir baie onaanvaarbaar is. Dan word daar weer 'n kommissie aangestel wat die saak ondersoek (dikwels sonder gesprek met die vorige kommissies) en word daar weer tot die punt gekom dat ons besef dat ons nie rondom ontmoetinge en gesprek met mense wat ons tot "objek" van ons studie maak, kan voortgaan nie. En so herhaal die proses homself. Dit lyk dus of die wisselwerking tussen 'n hermeneutiek van sekuriteit en 'n hermeneutiek van gasvryheid hom bly uitspeel in ons kerk, en dalk ook in ons eie harte.

Ek meen dat kerke in Suid-Afrika, ook gereformeerde kerke, tans voor unieke uitdagings te staan kom, met nuwe versoekings en geleenthede. Sommige praat weer van 'n kairos-tyd, 'n oomblik van waarheid waarin fundamentele teologiese keuses vereis word. Wat beteken Christelike navolgelingskap in hierdie tyd? Ek meen daar is twee opsies. Die een opsie is 'n keuse vir 'n sekuriteitsmentaliteit waarin ons onself isoleer van ontmoetinge met hulle wat nie tot ons "ingroep" behoort nie. In die proses ignoreer (of selfs demoniseer) ons maklik hulle wat nie in ons skemas inpas nie. Daar is egter ook 'n ander opsie: die opsie van 'n hermeneutiek, of teologie of

etiek, van gasvryheid. Dan stel ons onself oop vir die ander, ook die ander in onself. Dit is 'n meer riskante weg, want dit vra 'n houding van luister, van nie te gou meen dat ons weet nie, van waagmoed om nie valse vastigheid te verabsoluteer nie; juis omdat ons glo dat ons diepste geborgenheid nie in 'n arsenaal van reëls en 'n voorafgeblikte morele skema lê nie, maar in 'n verhouding met 'n God wat ons aangeneem het, ons in genade verwelkom het. Om dit anderkant 'n hermeneutiek van sekuriteit, van skynbare vastigheid, te waag is wel nie 'n maklike pad nie. Soos Sheila Cussons dit in haar gedig "Dilemma" stel:

Die verskil tussen ons
en die heiliges
is dat hulle uit die skuit
geklim het
om op die water te loop –
en ons wat elk
sy eie vastigheid wil
kyk hulle
soos drenkelinge agterna.

Selfdegeslagverbintenisse: Kerkregtelike en praktiese implikasies

© Prof Johan van der Merwe⁶

Oorsig:

1. Inleiding
2. Kerkorde vs die Bybel
3. Die besluit van die Algemene Sinode
4. 'n Interpretasie van die besluit
5. Betekenis van die besluit

▪ Inleiding

- Kerkreg?
 - Kerkreg is 'n wetenskap wat hom besig hou met die bestaanswyse en die inrigting of orde van die kerk van Christus - *WD Jonker 1974*
 - Kerkreg is die teologiese wetenskap wat al die geldende en bindende reëls wat God vir sy kerk gegee het uit die skrif moet opdiep - *Spoelstra 1989*
- *"Kerkreg is 'n wetenskap te velde"*

▪ Kerkorde vs Bybel

- Spanning!
- Die kerkorde mag nooit 'n wetboek naas die Skrif word nie
- Altyd 'n rigtingpyler na die Woord toe!
- "Dit alles moet daartoe leiden dat God verheerlijkt, het rijk van Jezus Christus, Zijn Zoon bevorderd en zijn kerk gebouwd en van alle ergernissen gezuiverd word" - Nauta

▪ Die besluit van die Algemene Sinode:

1. Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
2. Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.
4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van pt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
5. Dieselfde Christelik-etiese standaard (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

⁶ Prof Johan van der Merwe is sedert 2008 dosent in kerkgeskiedenis en kerkreg te UP. Voorheen was hy voltydse predikant in Garsfontein, Pretoria. Hy is steeds gekoppel aan die gemeente. Sy navorsingsfokus is twintigste eeuse Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Tydens die Algemene Sinodesitting van 2015 is hy verkies tot Aktuaris van die Algemene Sinode.

6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintnisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christlike liefde te doen.
8. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene open baring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
9. Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.
10. Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemaatig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

▪ 'n Regsvervolking van die besluit

4.1 Predikante en die bevestiging van selfdegeslagverbintnisse:

“en maak voorsiening dat hierdie verbintnisse”

Hierdie verbintnisse verwys na burgerlike verbintnisse onder die Civil Union Act en nie na huwelike luidens die Wet op Huwelike nie.

“deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.”

Hier word spesifiek erkenning gegee aan predikante se reg om te besluit.

Belangrik:

- Al het die AS 'n nuwe beleid insake die moontlike bevestiging van burgerlike verbintnisse aanvaar, is daar gelyktydig aangedui dat dit deel is van dieselfde beleidsverklaring dat predikante die keuse het om die nuwe beleid te volg aldan nie.
- Die AS het nie die beleidsbesluit as voorskriftelik of sonder enige opsionele keuses aangebied nie. In hierdie verband het predikante 'n uitdruklike opsie.

4.2 Die reg van kerkrade:

“Die AS erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverhoudinge binne die NG Kerk.”

- Die algemene uitgangspunt is dat die AS luidens Kerkorde Artikel 43.1.1 die taak het om onder andere beleid te formuleer
- Op hierdie basis kan dit regtens geargumenteer word dat indien die AS 'n beleid geformuleer het, dit die taak van die mindere vergaderings, insluitend die kerkrade, is om daardie besluit oor beleid uit te voer en te gehoorsaam.
- Hoofstuk 3 van die Kerkorde Artikels 18 tot 47 handel oor die vergaderings van die kerk
- Artikel 26 van die Kerkorde verleen aan die kerkrade sekere bevoegdhede insake die opsig oor, die regering van en of disipline in die gemeente.
- Indien in ag geneem word dat die bevoegdhede van die ring (Artikel 31), die sinode (Artikel 35) en die AS (Artikel 43) breedvoerig beskryf word maar dat dieselfde nie van die bevoegdhede

van die kerkraad gesê word nie, kan 'n mens moontlik argumenteer dat die kerkraad se bevoegdheid beperk is.

Dit is om twee redes nie korrek nie.

Eerste rede:

Geldenhuis 1951 DIE REGSPOSISIE VAN DIE KERKRAAD RING EN SINODE JL van Schaik Pretoria P109 ev stel dit dat 'n kerkraad velerlei verantwoordelikhede het.

Kleynhans GEREFORMEERDE KERKREG 1985 NG Kerk Boekhandel P44 noem, ter uitbreiding van KO Artikel 26, 'n tional bevoegdheid waarvoor 'n kerkraad beskik.

Tweede rede:

Die AS se beleidsverklaring erken die diversiteit van beskouing oor selfdegeslagverbintenisse. Regsgevolg hiervan is dat die beleidsverklaring van die AS erkenning gee aan diversiteit.

Besluit in sy geheel gelees word: duidelik dat die AS nie ten doel het of verwag dat hierdie beleid oor selfdegeslagverhoudings deur almal noodwendig nagekom of gevolg sal word nie.

- Regsbetekenis van die woord "Reg": ***"A power, privilege, capable of being enforced, prerogative, the capacity of asserting a recognised claim"***
- Die beleidsverklaring van die AS vestig en bevestig in die kerkraad hierdie reg en bevoegdheid
- Besluit gee uitdruklik aan kerkrade die reg en bevoegdheid om die beleidsbesluit te aanvaar aldan nie.
- 'n Kerkraad wat gevolglik besluit om nie erkenning te gee aan selfdegeslagverhouding en sake wat daarmee in verband staan, handel nie teenstrydig met die AS se besluit nie, maar juis daarvolgens.

4.3 Die diskresie van kerkrade:

"Die AS bevestig die diskresie van kerkrade om verskille te hanteer"

- "Diskresie" in hierdie konteks het die betekenis van "Vryheid om te kan kies" of "om na goeddunke op te tree"
- Hantering van die implementering van die AS se besluit sal na goeddunke in ag genome van plaaslike omstandighede in die gees van Christelike liefde moet plaasvind.

Betekenis van die besluit:

- **Kan gemeentes die reg hê om self te besluit as die AS 'n bepaalde beleidsbesluit geneem het?**

"Normaalweg moet 'n mindere vergadering 'n beleidsbesluit van 'n meerdere vergadering aanvaar en uitvoer. In die huidige geval egter het Kerkrade die reg om 'n andersluidende besluit as die AS te neem **juis omdat die AS se beleidsbesluit hulle spesifiek die reg daartoe gee.**"

- **Kan 'n gemeente by die besluit van 2007 en 2013 volstaan?**

Indien die kerkraad die 2015 beleidsbesluit van die AS nie aanvaar nie (vanuit die reg van keuse wat die gemelde besluit aan Kerkrade gee), sal Kerkrade moet bevestig wat hulle beleid is.

- **Kan predikante verplig word om selfdegeslagverbintenisse te voltrek?**

Predikante het die keuse in gevolge die besluit. Die NGK sal namens diegene wat wil by die staat moet aansoek doen.

- **Verskil van mening oor die betekenis van die besluit van die Algemene Sinode**
- **"Beleid maar..." Is niks nuuts nie**
- **Voorbeelde: Ampsdrag, Kategesemateriaal, Liedere bundels, Kindernagmaal...**
- **Binne die konteks van die besluit sal kerkrade 'n beleid moet skryf**
- **Predikante het keuse of hulle selfdegeslagverbintenisse wil voltrek al dan nie**
- **Diversiteit!**

Die Waardes onderliggend aan die Wet op Burgerlike Verbintenisse

© Prof Geo Quinot⁷

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 het 'n grondverskuiwende invloed meegebring op die Suid-Afrikaanse reg. Meer as die nuwe positiewe regsreëls wat daardeur ingestel is, is dit die invloed van die Grondwet as 'n bron van normatiewe ordening van die samelewing wat paradigma-verskuiwend is. Die Grondwet as oppergesag in die reg, dit is die hoogste regsbesag in die land (selfs hoër as die howe, Parlement of regering), vind neerslag in elke regsveld deurdat elke regsreël teen die Grondwet gemeet moet word en alleen regsgeldig kan wees indien dit strook met die Grondwet. In die saak van *Carmichele v Minister of Safety and Security* 2001 (4) SA 938 (CC) het die Konstitusionele Hof gevolglik die Grondwet beskryf as 'n "objective normative value system" waarbinne alle reg in Suid-Afrika moet bestaan.

Die Grondwet dwing sy gesag af nie alleen deur die spesifieke bepalings, insluitende die fundamentele regte, daarin vervat nie, maar ook deur die "gees, strekking en oogmerke" soos blyk uit die teks. So byvoorbeeld is daar 'n plig op howe om wette uit te lê en die gemenerereg te ontwikkel op 'n wyse wat die "gees, strekking en oogmerke" van die Handves van Regte bevorder (artikel 39(2)). Die waardes wat die Grondwet onderlê is gevolglik van groot belang in die bepaling van enige regsposisie.

Drie kern-waardes waarop die Grondwet geskoei is, is vryheid, gelykheid en menswaardigheid. In artikel 1, as deel van die grondliggende bepalings van die Grondwet, word dit gestel dat die Republiek van Suid-Afrika gegrond is op "menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede". Die Handves van Regte in hoofstuk 2 word beskryf as die "hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika" en het ten doel om die "waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid" te bevestig (artikel 7(1)). Regte in die Handves, wat insluit *regte* op gelykheid, menswaardigheid en vryheid, kan alleen beperk word tot die mate wat die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n "samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid" (artikel 36(1)). Wanneer 'n hof die Handves uitlê, moet dit "die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder" (artikel 39(1)(a)).

Dit is teen hierdie agtergrond wat die ontstaan van die *Civil Union Act* (wet 17 van 2006, die Wet op Burgerlike Verbintenisse) beskou moet word. Die Wet het sy direkte ontstaan te danke aan die Konstitusionele Hof se uitspraak in *Minister of Home Affairs and Another v Fourie and Another* 2006 (1) SA 524 (CC). In hierdie saak het die Hof die definisie van 'n huwelik as 'n verbintenis tussen een man en een vrou, tot die uitsluiting van alle ander vir solank as die verbintenis voortbestaan, as ongrondwetlik bevind. Die Hof het ook bevind dat die Huwelikswet 25 van 1961

⁷ BA(Regte) LLB (Stellenbosch) LLM (Virginia) MA (Vrystaat) LLD (Stellenbosch); Vise-Dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid & Professor, Departement Publiekreg, Stellenbosch Universiteit.

Prof Geo Quinot doseer Administratiefreg en Staatsreg. Hy is 'n ontvanger van die Universiteit Stellenbosch Kanseliersmedalje, die jaarlikse toekening vir die mees uitstaande finalejaarstudent aan die universiteit, wat aan hom toegeken is met sy LLB graad in 2000. Ander opmerklike toekennings wat hy ontvang het sluit in die Rektorstoekening vir Gemeenskapsinteraksie wat hy in 2008 saam met prof Sandra Liebenberg ontvang het. Hy het 'n LLM aan die *University of Virginia School of Law* in die VSA voltooi op 'n Fulbright toekening en 'n MA in Hoër Onderwysstudies aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy doktorsale proefskrif het gehandel met die tema: "The Judicial Regulation of State Commercial Activity." Tans is hy adjunkdekaan by die Fakulteit Regte, US.

ten dele ongrondwetlik is waar dit in die voorgeskrewe huweliksformulier slegs voorsiening maak vir bevestiging van huwelike in terme wat persone van teenoorgestelde geslag voorveronderstel. Die Hof se bevindinge was primêr gegrond op gelykheid en menswaardigheid. In sy uitspraak vir die Hof, beskryf Regter Sachs die kwessie as volg:

"[155] Lying at the heart of this case is a wish to bring to an end, or at least diminish, the isolation to which the law has long subjected same-sex couples. It is precisely because marriage plays such a profound role in terms of the way our society regards itself, that the exclusion from the common law and Marriage Act of same-sex couples is so injurious, and that the foundation for the construction of new paradigms needs to be steadily and securely laid."

Die Hof het die Parlement 12 maande gegun om die reg te wysig ten einde hierdie ongrondwetlike stand van sake reg te stel. Die Wet op Burgerlike Verbintenisse was die Parlement se antwoord. Die aanhef van hierdie Wet eggo die waardes wat sy ontstaansgeskiedenis onderlê, waar dit as volg lui:

"WHEREAS section 9 (1) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, provides that everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law;
AND WHEREAS section 9 (3) of the Constitution provides that the state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language and birth;
AND WHEREAS section 10 of the Constitution provides that everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected;
AND WHEREAS section 15 (1) of the Constitution provides that everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion;
AND WHEREAS the rights in the Bill of Rights may be limited only in terms of law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom;
AND NOTING that the family law dispensation as it existed after the commencement of the Constitution did not provide for same-sex couples to enjoy the status and the benefits coupled with the responsibilities that marriage accords to opposite-sex couples".

Wat is tans bekend omtrent die genetica van seksuele oriëntasie?

© Prof Louise Warnich⁸

Seksuele oriëntasie, soos ander komplekse kenmerke, is moeilik om te bestudeer, omdat dit nie maklik is om te onderskei tussen die genetiese faktore en omgewingsfaktore wat bydra tot die kenmerk nie.

Opsomming van navorsing wat genetiese faktore ondersoek

Reeds sedert die jare tagtig dui navorsingresultate daarop dat seksuele oriëntasie in mense 'n biologiese basis het, en dat oorerwing (d.w.s. genetiese faktore) wel 'n rol speel (opgesom in Ngun *et al.* 2011; ASSAf Verslag 2015). Hierdie navorsing is gebaseer op inligting van familie- en tweelingstudies, asook molekulêre genetiese studies. Daar is bv. gevind dat homoseksualiteit meer gereeld voorkom by familieledede van homoseksuele mans as van heteroseksuele mans (Bailey & Pillard 1991; Hamer *et al.* 1993). Verder vertoon identiese tweeling (wat al hulle gene deel) 'n hoër ooreenstemming t.o.v. seksuele oriëntasie as nie-identiese tweeling van dieselfde geslag (wat die helfte van hulle gene deel) (Kendler *et al.* 2000).

Studies wat die invloed van genetica én omgewingsfaktore ondersoek

'n Populasiestudie wat in 2010 in Swede op 3,826 tweelingpare van dieselfde geslag uitgevoer is, het getoon dat genetica 'n matige maar beduidende bydra gemaak het tot seksuele oriëntasie by mans (34-39%), maar dat omgewingsfaktore ook 'n belangrike rol gespeel het (Långström *et al.* 2010).

Hierdie studie het 'n interessante onderskeid tussen homoseksualiteit by vroue en mans gevind – naamlik dat genetiese faktore 'n minder belangrike rol by homoseksualiteit in vroue gespeel het (18- 19%). Dit is moontlik dat manlike en vroulike homoseksualiteit deur verskillende biologiese paaie ontwikkel, in die konteks van spesifieke kulture en sosiale toestande (ASSAf Verslag 2015). Hierdie bevindinge is presies wat mens sou verwag van 'n komplekse kenmerk soos seksuele oriëntasie: genetiese faktore sowel as omgewingsfaktore, wat dikwels in 'n wisselwerking met gene is, is waarskynlik verantwoordelik vir dié kenmerk (fenotipe).

Verskeie studies het ook gevind dat homoseksuele mans meer ouer broers het as heteroseksuele mans, en elke ouer broer verhoog die kans vir manlike homoseksualiteit met ongeveer 33% (Blanchard 1997). Voorgeboortelike invloede is waarskynlik vir hierdie

⁸ Prof Louise Warnich is tans professor in genetica by die Universiteit van Stellenbosch, nadat sy die BSc-graad hier verwerf het. Hierna het sy haar studies op die gebied van die genetica voortgesit en haar PhD hierin verwerf. Haar huidige navorsingsfokus sluit in die ontwikkeling van spesifieke toetsinstrumente wat die genetiese profiele van veral Afrika en Suid-Afrika bevolkingsgroepe kan vasstel om die voorskryf van verpersoonlike medisyne te fasiliteer. Prof Warnich dien tans as die dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe by die US.

“broerderlike geboorte-orde effek” verantwoordelik (Ngun *et al.* 2011). Een hipotese is dat vir elke opeenvolgende swangerskap, manlike antigene, afgeskei deur die manlike fetus, die moeder se immuniteit verhoog. Immuunreaksies beïnvloed dan die ontwikkeling van daaropvolgende manlike fetusse t.o.v. seksuele oriëntasie (Ngun *et al.* 2011).

Hamer en kollegas het in 1993 getoon dat spesifieke DNS merkers op ’n gedeelte van die X-chromosoom met homoseksualiteit by mans geassosieer word. Dit ondersteun die hipotese dat moederlike faktore betrokke is (Hamer *et al.* 1993). Die bevindinge van hierdie studie is in minstens twee ander studies bevestig, o.a. in ’n onlangse studie deur Sanders wat 409 pare homoseksuele broers ingesluit het (Hu *et al.* 1995; Sanders *et al.* 2015). Ander studies kon egter nie daarin slaag om die resultate te herhaal nie (bv. Rice *et al.* 1999; Mustanski *et al.* 2005; Ramagopalan *et al.* 2010). Behalwe vir die X chromosoom het navorsers ook ander chromosoomstreke gevind wat genetiese variante (merkers) dra wat met seksuele oriëntasie by mans geassosieer word (Mustanski *et al.* 2005; Sanders *et al.* 2015). Variante in spesifieke gene wat homoseksualiteit veroorsaak, is egter nog nie gevind nie, en navorsers stem saam dat daar nie ’n enkel “gay geen” is nie (ASSAf Verslag 2015)

Nuwe ontwikkelinge soos epigenetika?

Onlangs het voorlopige resultate van ’n studie deur navorsers van die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles (UCLA) baie belangstelling ontlok (Balter 2015). Die navorsers het vir die eerste keer rapporteer dat chemiese modifikasies van DNS in vyf chromosoomareas geassosieer word met seksuele oriëntasie in manlike tweeling. Hierdie epigenetiese merkers, of “epi-merke”, is vervolgens deur die navorsers gebruik om seksuele oriëntasie in hulle studiegroep met 70% akkuraatheid te voorspel. Die navorsers het verduidelik dat subtiele veranderinge in die voorgeboortelike omgewing aanleiding mag gee tot die verskille in chemiese modifikasie of epi-merke van tweelingbroers. Sulke verskille mag veroorsaak word deur die fetusse se spesifieke posisie in die uterus, en hoeveel van die ma se bloed elkeen ontvang. Alhoewel die UCLA studie heelwat blootstelling in die media geniet het, waarsku verskeie navorsers dat die studie baie gebreke het en in ’n onafhanklike studie met meer tweelingpare herhaal moet word.

Epigenetika of epi-merke is egter reeds vroeër voorgestel as ’n meganisme wat seksuele oriëntasie beïnvloed (Rice *et al.* 2013). Epi-merke verander nie die DNS volgorde self nie, kan deur omgewingstoestande beïnvloed word, en word nie altyd deur identiese tweeling gedeel nie. Dit kan dus help om die waargenome multifaktoriale oorerwingspatrone van seksuele oriëntasie in familie- en tweelingstudies te verklaar.

Alhoewel ons dus reeds heelwat weet van die rol van genetika t.o.v. seksuele oriëntasie, is die meganisme nog nie volledig uitgeklaar nie. Verdere grootskaalse epigenetiese studies, in samehang met navorsing op gebiede soos neuro-anatomie, breinfunksionering en endokrinologie sal hopelik bydra tot die verdere ontrafeling van die genetiese en biologiese basis van seksuele oriëntasie.

Verwysings

ASSAF Verslag (2015) *Diversity in human sexuality: Implications for policy in Africa* (www.assaf.org.za)

Bailey JM, Pillard RC (1991) *Arch Gen Psychiatry*. 48(12):1089-96

Balter M (2015) *Science*. 350(6257):148

Blanchard R (1997) *Annu Rev Sex Res*. 8:27-67

Hamer DH *et al.* (1993) *Science*. 261(5119):321-7

Kendler KS *et al.* (2000) *Am J Psychiatry*. 157(11):1843-6

Långström N *et al.* (2010) *Arch Sex Behav*. 39(1):75-80

Mustanski BS *et al.* (2005) *Hum Genet*. 116(4):272-8

Ngun TC *et al.* (2011) *Front Neuroendocrinol*. 32(2):227-46

Ramagopalan SV *et al.* (2010) *J Hum Genet*. 55(2):131-2

Rice G *et al.* (1999) *Science*. 284(5414):665-7

Rice WR *et al.* (2013) *Bioessays*. 35:764-70

Sanders AR *et al.* (2015) *Psychol Med*. 45(7):1379-88

Gender en Seksualiteit: 'n Alternatiewe wegspringplek.

© Dr Charlene van der Walt⁹

As gelowiges oor seksualiteit nadink, word dit hoofsaaklik met behulp van vier hoof bronne gedoen wat elk dien as 'n soort wegspringplek vir eties-teologiese besinning. In die tyd sedert die profetiese besluit van die Algemene Sinode rakende onderandere selfdegeslag verbintenisse en die bevestiging van gay predikante, het talle menings en opinies die lig gesien wat op die een of ander manier voortspruit vanuit besinning op grond van een van die hoof bronne vir gelowige refleksie oor seksualiteit. In die eerste plek meen gelowiges as hulle nadink oor intieme sake dat die Bybel 'n belangrike bron is. Hoe die Bybel ingespan word en wat dit beteken as ons sê dat die Bybel die Woord van God is en dat dit gesaghebbend funksioneer in ons besinning, beteken verskillende goed vir verskillende mense.

- Sommiges meen dat die Bybel woord vir woord **letterlik verstaan** kan en moet word. Hierdie benadering raak egter redelik vinnig lastig as tekste in ag geneem word wat sê dat 'n mens jou stoute kinders buite jou erf moet dood gooi met klippe vir hulle ongehoorsaamheid. Ander meen dat dit nie gaan om die letter van die Bybel nie, maar om die hart van die boodskap wat dit dra. In terme van homoseksualiteit is daar diegene wat meen dat die handjievul tekste wat op 'n manier na iets in die verband verwys, duidelik genoeg afwysend is en dat geen verdere besinning daarvoor nodig is nie. Ander meen weer dat die Bybel hoegenaamnd nie na liefdevolle verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag verwys soos ons dit vandag verstaan nie en dat ons daarom eerder moet fokus op die boodskap van radikale gasvryheid en insluiting wat soos 'n goue draad deur die teks gefluister word.
- Die tweede bron vir gelowige besinning oor seksualiteit is **nadenke oor en vanuit 'n bepaalde geloofstradisie**. Hierdie wegspringplek vra dan veral hoe sake in die verlede hanteer of benader is vanuit 'n bepaalde tradisie, en welke riglyne ontwikkel het vanuit die hantering van allerlei kontekstueel-etiese sake binne 'n bepaalde tradisie. In die geval van die NG Kerk sou ons dus kon vra wat beteken dit om Gereformeerd te wees en watter eise stel ons tradisie aan ons, veral as ons bely dat 'n konstante reformasie nodig is van gelowiges en van die kerk. Reformasie dan verstaan word as 'n konstante terugkeer na die hart van dit waarop dit aankom in die evangelie. Hierdie besinning doen ons dan ook nie in afsondering nie, maar in interaksie met ander ekumeniese reisgenote en ingebed binne die Afrika konteks wat ons telkens daaraan herinner dat ons is en bestaan omdat ons in verhouding staan met ander. *'n Mens is 'n mens deur ander mense...*
- **Rede of wetenskaplik geïnformeerde nadenke** is die derde bron wat ons inspan om verantwoordelik te besin oor seksualiteit. Hier geld insigte vanuit 'n verskeidenheid dissiplines, nie net die insigte vanuit die Mediese wetenskap nie, maar ook Sosiale wetenskappe, die Regte en die spektrum van Teologiese dissiplines.

⁹ Dr. Charlene van der Walt is verbonde aan die Departement Ou en Nuwe Testament by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is die koördineerder van 'n Magister program met die besondere fokus Gender en Gesondheid, aangebied in samewerking met die Kerk van Swede. Charlene werk ook deelyds by Inclusive and Affirming Ministries (IAM) as 'n navorser en is 'n leraar van die NG Kerk in Maitland Gemeenskapskerk. Die titel van haar doktorsale proefskrif is, "**Ideologie en Mag in Bybelinterpretasie: Op Weg na 'n Kommunale Lees van 2 Samuel 13.**"

- In gesprekke na afloop van die Algemene Sinode se besluit kan talle argumente teruggespoor word na een van die drie bogenoemde vertrekpunte. Vanuit veral die Metodistiese tradisie word ons egter ook bewus van 'n vierde bron vir Teologiese refleksie oor seksualiteit, naamlik **ervaring**. In terme van seksualiteit beteken dit dat die tradisionele beweging van Teologiese nadenke uitgedaag word deur juis op 'n ander plek te begin, naamlik nie by Skrif, tradisie of rede nie, maar by die ervarings van mense. Hierdie verandering van wegspringplek lei tot die verskuiwing van 'n sogenaamde 'Teologie van Seksualiteit' na die ontwikkeling van 'n Seksuele Teologie. Thatcher skryf soos volg hieroor: "A theology of (or about) sexuality tends to argue in a one-directional way: What do scripture and tradition say about sexuality and how it ought to be expressed?" But sexual theology begins at the other end and asks "What does our experience as human sexual beings tell us about how we read the scripture, interpret the tradition, and attempt to live out the meaning of the gospel?"¹⁰

Hierdie vierde dimense of wegspringplek vir gelowige besinning oor seksualiteit is na my mening 'n verarmde of afgeskepte dimensie. Ligaamlikheid en dan in besonder seksualiteit word só dikwels as iets beskou wat nie oor gepraat moet word nie en wat ten beste eerder in privaatheid hanteer moet word of ten slegste misken of verwerp moet word. Gesprekke oor selfdegeslag verbintenisse en die afskaffing van die selibaat vereiste vir gay predikante, het seks en liggaamlikheid in die sentrum van ons agenda geplaas en dit raak toenemend lastig om daaroor te dink en praat in die lig van ons gemeenskaplike verarmde woordeskat.

Ek en ander gay mense en saamstap-vriende het die geleentheid gehad om die Algemene Sinode by te woon en om 'n ander taal beliggaming te ontdek; 'n taal dan ten nouste verweef met hierdie vierde dimensie of bron van Teologiese refleksie. Ons het saam iets van Denise Ackerman se woorde beliggaam ontdek as sy meen: "Our bodies are more than skin, bone and flesh. Our bodies encompass the totality of our human experience: our thoughts, our emotions, our needs and memories, our ability to imagine and to dream, our experiences of pain, pleasure, power and difference as well as our beliefs and our hopes. Our social reality is an embodied reality."¹¹ Deur bloot net daar te wees het dit sigbaar geword op 'n manier dat die gesprekke wat ons daar op die sinode vloer gevoer het en tans op verskeie vlakke plaasvind, nie oor 'n idee of 'n saak gaan nie, maar oor die lewens van mense.

Ek dink daar bestaan oneindige dankbaarheid by ons vir mense wat die moed van hulle oortuiging gehad het om op te staan en namens gay mense stamelend vir woorde te soek om iets uit te spreek van die verlange na 'n ander werlikheid waar meer liggame saak maak en waar meer stories as die blote dominante hetroseksuele narratief gehoor word. Die namens praat was in die eerste plek deurslaggewend, maar tog moet ons nou vir mekaar sê dat dit nie op die lang duur standhoudend is nie. Namens praat het 'n rakleef tyd en die vervaldatum is nou bereik.

'n Positiewe namens-praat kan net so ver gaan voor die outentiekheid van 'n deurleefde eie ervaring pynlik begin deurskemer. Wat egter selfs meer problematies is as 'n postiewe namens

¹⁰ Thatcher, A. 2011. *God, sex, and gender: an introduction*. Chichester, West Sussex [England]; Malden, MA : Wiley-Blackwell.

¹¹ Ackermann, D.M. 2006. From mere existence to tenacious endurance. *Stigma, HIV/AIDS and a Feminist theology of praxis*, in Phiri, I.A. & Nadar, S.(eds.) *African Women, Religion, and Health: Essays in Honor of Mercy Amba Ewudiziwa Oduyoye*. 221-242.

praat is die onsensitiewe stigmatiserende namens praat wat gay mense tot die verwerplike 'ander' verminder en wat, as 'n mens naby genoeg sou kyk na die diskoers, bykans alle gedeelde menslikheid van gay mense en gay verbintenisse stroop. Die lewens van gay mense word op dié manier 'n verwerplike idee wat gestroop word van menswaardigheid.

Ons staan kollektief voor 'n reuse uitdaging en tog ook voor 'n besondere geleentheid. Eerder as om oor mense te praat asof hulle lewens abstrakte of verwerplike idees is, is dit nou noodsaaklik om met mense te praat. Op elke vlak en in elke forum is dit eenvoudig nie meer goed genoeg om bloot die belange van gay mense op 'n teoretiese wyse op die hart te dra nie. Die stemme van gay mense kan nie langer stil wees nie, die deurleefde ervaring moet nou aan die woord kom. Die klassieke '*niks meer oor ons of vir ons, sonder ons*' is nou ook van toepassing op ons gedeelde geloofslandskap. Hierdie uitspraak hou uitdagings na alle kante toe in. Dit vra van gay mense wat herhaaldelik getraumatiseer is deur die besluite en optrede van die kerk, om weereens te waag om woorde te vind en te praat oor 'n lewe wat buite die op die oog af onbevraagtekenbare norm van hetroseksualiteit funksioneer. Dit vra van gay mense om (natuurlik met groot sorg en wysheid) gesprekke te waag in ruimtes wat voorop gestaan het in die verontmensliking van gewone verlangens na geborgenheid en liefde. Dit vra van predikante en geloofsleiers genoeg insig om te erken dat hulle dalk nie al die antwoorde geredelik het vir die vrae wat by mense opduik as gevolg van die profetiese besluit van die kerk nie, en na die waagmoed om komplekse en soms pynlike gesprekke te hê en om gay mense te nooi om deel te wees van daardie gesprekke. Dit vra van die kerk (op verskeie vlakke) om eerlik die pyn en geweld te erken wat teenoor gay mense, gay gesinne en die ouers van gay mense gedoen is in die naam van die 'evangelie', te erken, te bely en om saam te soek na moontlikhede vir versoening en herstel. Dit vra van kundiges en kenners om die ekstra myl te loop en om nuwe akademiese en wetenskaplike insigte te vertaal sodat die wat belangstel, daarvan iets sal kan begryp en dit op so 'n manier die gesprek sou verruim. Dit vra van gelowiges, gemeentes, Kerkrade, Ringe, Sinodale streke, Bybelstudiegroepe en allerlei vergaderings van gelowiges (ook in die sitkamer gesprekke van gemeentede onderlangs) om op te hou praat oor mense en eerder in lyn met die etiek van gasvryheid gay mense in te nooi en om met hulle te praat. Dit vra van Kerkrade die durf om eerder in brose gesprekke te gaan as om laer te trek en die rug te draai op die profetiese besluit van die Algemene Sinode, onwillig om die bevryding van die besluit ook te vertaal tot eie gemeente konteks.

Hier sou die werk van *Inclusive and Affirming Ministries* (IAM) wat al vir 21 jaar lank in die geloofslandskap van Suid-Afrika funksioneer en poog om geloofsgemeenskappe aan te moedig tot gesprek rakende seksuele diversiteit, handig tepas kom. IAM se uitgangspunt is dan juis om te sê dat daar nie veel sin in debatte rondom hierdie sake is nie, maar dat ons eerder moet beweeg na dialoog, omarmende gesprek en gasvrye ruimtes. Ruimtes waar ons groei in bewustheid rakende die realiteit van seksuele diversiteit, ruimtes waar ons die Bybel met mense lees wat van ander vertrekpunte as ons kom, ruimtes waar ons hande en deure oop raak vir mense wat anders is as ons en waar die kerk transformeer tot 'n ruimte van heling en sorg eerder as 'n plek van verwerping, diskriminasie en pyn.

Dit is duidelik dat die kerk en die gay gemeenskap, gemeenskappe in pyn is en dat mense vir verskillende redes verward, kwaad, vuisfoos, uitgeput en gewond is. Eerder as om die weg van geweld en pyn te bewandel in ons verwondheid en om van die vreemdeling/die wat anders is, 'n vyand te maak is die uitdaging nou om grense oor te steek, om in te nooi, om te omhels en om saam te soek na 'n beter weg. Die tyd het aangebreek vir ons om saam te soek na konkrete maniere om die profetiese besluit van die Algemene Sinode te vertaal na eenvoudige handeling van deernis en liefde, want *waar daar liefde is, en deernis, daar is God.*

Die NG Kerk as ruim huis

© Dr Coenie Burger¹²

Ek is gevra om by die geleentheid te praat... nie direk oor die onderwerp van selfdegeslagverbintenisse nie, maar oor 'n belangrike verwante saak – en dit is die vraag ***of ons die gesprek en die verskille oor selfdegeslagverbintenisse in een kerk sal kan hanteer.***

Ek is baie dankbaar dat hierdie kwessie deel van die gesprek is vandag, want as ons nie wysheid op hierdie punt kry nie, sal ons baie van wat mense dink ons gewen het tot hier, weer kan verloor. Ons weet almal, vriende, dat die kwessie van selfdegeslagverbintenisse Christene diep kan verdeel. In die VSA waar die Lutherse Kerk en die Presbiteriane (PCUSA) die laaste vyf, ses jaar oop besluite hieroor geneem het, het dit gelei tot slegte skeurings. In die Lutherse kerk is daar reeds vier nuwe groepe weg met omtrent 'n kwart na 'n derde van die lidmate en gemeentes. Dis bitter, bitter sleg. Ander kerke hou die besluit terug omdat hulle skeurings vrees, maar intussen verloor hulle lidmate (veral jong lidmate) na die ander kant.

Ons weet lankal dat ons dié verskille ook in die NGK het. Dit word bevestig deur die reaksies wat ons na die besluit van die Algemene Sinode uit vele oorde hoor, en ook vandag hier gehoor het.

Die uitdaging nou – en ek dink dit is ontsettend belangrik om dit te sien – is om alles in ons vermoë te doen om hierdie debat in een kerk te bly voer op 'n manier wat waardig is aan die evangelie van Christus. En kan ek sê: Ek dink dit is moontlik; dit moet moontlik wees.

Ek word aangespoor om dit te sê deur 'n sinnetjie wat ek in begin van die jaar gelees in Darrell Guder se boek ***The Continuing Conversion of the Church***. Hy skryf in die boek: “Disagreeing Christianly is one of the most powerful forms of incarnational witness the church can practice”. Hy dink dat Christene wat dit regkry om op 'n Christelike manier van mekaar te verskil en met mekaar saam te leef, daarmee 'n getuienis kan lewer oor die diep verenigende krag van die evangelie wat kan help om in die jare vorentoe die geloofwaardigheid van die kerk te herstel.

Ons moet oppas dat ons nie soveel energie insit in *wie die debat gaan wen* dat ons nie tyd kry om te dink oor *hoe ons die gesprek voer, hoe ons na mekaar kyk en met mekaar praat* nie.

Ek dink ons het 'n goeie begin gemaak deurdar ons die afgelope klompie jare al hoe meer begin praat het oor die NG Kerk as 'n ruim huis – waarin daar plek is vir baie mense en baie soorte mense. Ek is baie dankbaar vir die term – ek dink dit help ons. En vriende, kan ek sê – ek dink ek ken die NG kerk redelik goed – ons het al 'n goeie ent op die pad gekom. Daar is al heelwat meer verdraagsaamheid en liefde en openheid as veertig, vyftig jaar gelede.

Maar ons moenie illusies hê nie: hierdie debat gaan ons liefde en ons geloof in die verenigende krag van die evangelie op 'n diep vlak kom toets. As ons maar sommer net hoop dat ons darem bymekaar sal bly, gaan dit nie werk nie. Ons sal absoluut **intensioneel** hieroor moet wees. Ons sal

¹² Coenie Burger is 'n teoloog en voormalige die moderator van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Sy eerste gemeente was die Nuwekerk op Graaff-Reinet van 1975, waarna hy predikant was in die gemeente Stellenbosch-Sentraal. Coenie was tot sy aftrede vroeër vanjaar PSD vir Voortgesette Bedienings-ontwikkeling in die Wes-en-Suidkaap.

teologiese skuiwe moet maak, ons sal ons denke oor wat die kerk is en veral oor die belangrikheid van kerkeenheid drasties moet hersien en vindingryke kerkregtelike oplossings kry oor hoe ons debatte kan voer en ons verskille in een kerk kan hanteer.

Ek is nie seker dat ek presies weet hoe ons dit gaan regkry nie, maar ek sal vinnig drie konkrete opmerkings wil maak waaraan ons vir seker aandag sal moet gee.

Eerstens: Ek dink nie ons kerk, die soort teologie waarmee die meeste mense in ons kerk werk, neem die eenheid van die kerk naastenby ernstig genoeg op nie. Ons beweer dat ons dit doen; ons dink graag dat die eenheid ook vir ons erns is, maar die harde waarheid is: dit is vir die meeste van ons 'n minder belangrike saak.

Ek onthou uit my studiejare hoe ons die term “eenheid in waarheid” geleer is as 'n sleutelkonsep van hoe ons dink oor die eenheid van die kerk. In die begin het ek gedink, dit klink vir my na twee gelyke, uiters belangrike Bybelse motiewe wat nou met wysheid en liefde gebalanseer moes word, maar meer kere daarna sou jy agterkom: die een wat regtig belangrik is, wat die swaarste weeg, is: *ons verstaan van die waarheid*. Dit is alles goed en wel om na eenheid te streef, maar as mense nie wil glo soos ons glo nie, dan moet ons maar liever elkeen ons eie pad gaan.

Kan ek dit sterk sê: na aanleiding van hierdie gesprek en ook na aanleiding van ons gesukkel om eenheid met die VGK te kry, dink ek ons onderskat die evangeliese belang van die eenheid van die kerk totaal. En dit is teologies 'n erger fout as wat ons dink. Baie van die pyne in ons kerk het te doen daarmee dat ons Jesus se gebed in Johannes 17 nie ernstig opneem nie.

My **tweede** opmerking: As ons ernstig daarvoor is om die gesprek oor selfdegeslagverbintnisse in een kerk te voer, sal ons ook moet kyk na ons verstaan van die kerk, en na ons kerkordelike besluite en reëlins.

Dit lyk my soms 'n mens kry twee maniere van dink oor die kerk:

- Daar is baie mense wat 'n ideaal- beeld van die kerk het as 'n rustige plek waar mense altyd oor alles moet saamstem; as daar verskille en stryery kom, gaan ons liever uitmekaar.
- Dan is daar kerke wat aanvaar dat ons in die kerk nie oor alles sal of hoef saam te stem nie. En dat dit goed en heilsaam kan wees om al verskil ons, bymekaar te bly, te bly praat en te luister na mekaar en so uitgedaag te word om gereeld weer oor ons geloofstandpunte en -gebruike na te dink. Ek dink die tweede een is nader aan die kerk van die NT...

Dr Francois Wessels het 'n paar jaar gelede 'n artikel geskryf oor wat ons uit die boek Handeling kan leer oor die eenheid van die kerk. Ek het die artikel gelees in die tyd waarin ons gesoek het na eenheidstrukture vir die proses tussen ons en die VGK. Handeling praat helaas nie so baie oor hoe die eenheid tussen die gemeentes gestruktureer was nie. Maar Handeling praat wel oor hoe sorgsaam die apostels opgetree het as daar goed opgekom wat gedreig het om die kerk te skeur. Die eerste les van Handeling het ek daardie tyd uitgevind: moenie na die tyd kom vra hoe maak ons die deurmekaarspul nou reg nie; die eerste ding wat julle moet doen is: *keer die skeuring!*

Daar was veral 2 situasies wat van belang is vir ons: die eerste is in Handeling 6 as die Griekssprekende weduwees kla dat (rasvoorkeure?) gemaak het dat daar nie na hulle behoeftes omgesien is nie. As dit ons was, het ek meer kere by myself gedink, sou ons dalk toe al gesê het: kom ons keer die stryery en ons vorm maar nou twee kerke: julle weet tog Jode en Grieke sal nooit

oor die weg kom nie... Maar: dit is nie wat in daar gebeur nie. Hier word 'n nuwe kerkordelike reëling getref, 'n nuwe amp geskep om hierdie probleem in een kerk op te los!

Die tweede voorbeeld is nog ingrypend. By die eerste groot kerkvergadering in Jerusalem (Hand 15) is daar 'n groot dispuut oor die vraag of heidense Christene hulle ook aan al die Joods-OT reëlins en wette moes hou? Daar is 'n intense gesprek wat daarby eindig dat daar ooreengekom word dat daar van daardie oomblik af twee stelle reëls in een kerk sal geld: een stel reëls vir Joodse Christene; 'n ander stel reëls vir Heidense Christene. Mense het al meer kere rondom sulke moeilike sake vir my gesê: hoe kan julle se die waarheid is kompleks: hoe kan jy twee standpunte, twee stelle reëls in kerk hê?

Wel: Handeling 15 sê jy kan – veral as dit die eenheid van die kerk kan help bewaar...

My **derde** opmerking: As ons ruimte wil maak vir meer standpunte in een kerk, sal ons ook moet tyd gee en ruimtes moet skep waar ons gereeld en rustig met mekaar kan praat – en mekaar kan probeer hoor.

En – baie belangrik, vriende – die gesprek sal in sy wese 'n geloofsgesprek moet wees. Dit help nie ons praat net met mekaar oor hoe ons dink en voel, en oor wat my sentiment oor die *issues* is nie; die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse sal nie net 'n gesprek oor seksualiteit kan wees; dit sal ook 'n gesprek moet wees oor *hoe en wat ons glo* en hoe ons die evangelie van Jesus Christus persoonlik verstaan. Dit is al hoe ons gaan vorder.

Ek hoor mense nou van alle kante sê ons moet praat oor hermeneutiek, oor hoe ons tekste moet lees, en hoe ons die Bybel moet lees; dit is waar, maar vriende, dit gaan oor meer as net dit.

Ek is in my denke oor die saak gehelp deur 'n stelling wat die missioloog Andrew Walls iewers maak. Walls skryf dat mense dikwels dink dat as jy die Christendom en Islam vergelyk die groot verskil tussen die twee is dat Christene aan die Bybel glo en Islam aan die Koran. Maar sê hy dan, dit is nie die regte parallel nie. Wat die *Koran* vir Islam is, is **Jesus** vir Christene. Islam glo regtig in die Boek; Christene glo nie in die boek nie.....! Ons glo op grond van die Boek, maar ons glo *in Christus* en in die God van Christus.

Kan ek iets persoonlik met u deel: ek sal moeilik 'n teksargument kan maak ter steun van selfdegeslagverbintenisse; as ons maar net in 'n klomp tekste geglo het sou ek moeilik my gedagtes oor die saak kon skuif. Maar nou glo ons nie in die eerste plek in tekste nie: ons glo in *Jesus*, en dit verander die storie ... Ek kan nie net vra “wat sê 'n paar tekste” nie, ek moet ook vra “wat sien ek by Jesus: hoe kyk en werk Hy met mense ...” ?

Ek sluit: Darrell Guder lewer sy pleidooi vir 'n Christelike manier van verskille hanteer in een kerk in 'n boek waarin hy o.a. skryf oor die agteruitgang van die Westerse kerk. Hy kom tot 'n verrassende konklusie oor die kerk in die Weste. Hy sê ons het agteruit geboer omdat ons van die evangelie 'n waarde- en waarheidsstelsel probeer maak het wat ons aan ander kan verkoop, sonder dat ons altyd self met ons hart en siel daarin geleef het. Ons het gehoop ons kan Christelikheid aan ander verkoop *sonder dat ons self alles glo* en *heeltemal* tot bekering hoef te kom.

Ons behoort teen die tyd te weet, sê hy: dit kan nie werk nie. Wat nodig is, is dat die kerk eerste tot bekering sal kom.

En, sê hy dan, van die maniere waarop dit in die NT gebeur het, was rondom dispute, verskilpunte, kulturele verskille wat deurgepraat moes word; wat mense gedwing het om weer na hulle geloof te gaan kyk, weer te dink oor wat hulle glo; weer na Jesus, en die Vader en Gees te gaan kyk en luister. So was dit soms presies hierdie moeilike ontstellende gesprekke oor diep verskille wat hulle gebring tot 'n verdiepte geloof in Christus en in sy evangelie.

Wie weet, dalk kan hierdie gesprek ons ook help om weer na Jesus en na mekaar te luister en so die evangelie weer 'n slag vars te hoor!!

Die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen se reis met homoseksualiteit

© Dr Leon Fouché¹³

Ek vertel kortliks Welgelegengemeente se reis met homoseksualiteit.

Die **WesKaap Sinode se besluit** in 1999 oor homoseksualiteit en die versoek aan Kerkrade om besprekings in gemeentes daarvoor te hou, was 'n groot stap. Dit was die eerste keer dat die kerk nie 'n vaste besluit neem en van almal verwag om daarby in te val nie. Hier was 'n besluit met 'n duidelike rigting, maar met groot onsekerheid. En gemeentes was uitnoodig tot verdere gesprek. In Welgelegen het die gesprek daarna doelgerig op gang gekom.

'n Besondere stimulus vir die gesprek was toe **Pieter Oberholzer** van **IAM** kort na die Sinode sy verhaal kom vertel het. Gedurende sy studie op Stellenbosch het hy twee maal per week gegaan vir aversie-terapie ... dit kon egter nie sy seksuele oriëntasie verander nie. Tydens sy studie in Nederland het hy die Bybel anders begin verstaan en sy seksuele oriëntasie aanvaar. Sedertdien is hy o.a. betrokke by die NG Kerk se gesprek oor homoseksualiteit – by die verslag wat by Wes-Kaap Sinode gedien het, by 'n dagkonferensie van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, by 'n boek wat hy saam met Carel Anthonissen geskryf het, ens.

Daar was **verskeie gespreksgeleenthede** Sondagaande gedurende 1999 en 2000 waaraan 'n verskeidenheid van lidmate deelgeneem het. Dit het die besef laat groei ons staan voor twee uitdagings: Hoe lees ons die Bybel? En: Hoe inklusief is ons liefde?

Hoe lees ons die Bybel?

Natuurlik is dit 'n groot en onafhandelbare onderwerp. Prof Hennie Rossouw se opmerkings in sy "Klaarheid en Interpretasie" [1963] wat handel oor die leer van die duidelikheid van die Skrif is verhelderend.

Rossouw wys op Luther se opvatting dat die Skrif duidelik is – *Claritas Scripturae* - en hy vertaal die Bybel in Duits sodat almal dit kan lees. Die duidelikheid van die Skrif beteken egter nie dat dit eenvoudig is nie. *Claritas Scripturae* beteken eerder dat in die lees en hoor van die Bybel 'n ontmoetingsgebeurtenis plaasvind: ons hoor die lewende stem van die sprekende God wat ons aanspreek en vryspreek, wat ons aangryp en vernuwend meesleur. Die duidelikheid van die Bybel is daarom 'n ontmoeting met God wat veranderend en vernuwend op ons inwerk.

Tydens die Ortodoksie na die Reformasie word 'n ander term gebruik – *Perspicuitas Scripturae*. Dit is 'n term uit die antieke retoriek en beteken dat elke onderdeel van 'n toespraak helder moet wees oftewel deursigtig vir die verstand. Die Ortodoksie het nie net die term oorgeneem nie, maar

¹³ Leon Fouché is gebore in Port Elizabeth [1952], het skoolgegaan in Oos-Londen en Roodepoort, en by Stellenbosch studeer. Hy is in 1979 in Knysna NG Kerk georden en is sedert 1988 leraar in die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen. Hy is getroud met Sara Coetzee en hulle het drie dogters. Hy het sy doktorsale studie oor die filosofiese hermeneutiek van Hans-Georg Gadamer gedoen en gee die afgelope 22 jaar deelyds klas by die Departement Filosofie. Benewens verskeie artikels in die Woord teen die Lig reeks, het twee monografieë van hom verskyn, naamlik "Uit Gods hand" [oor die oergeskiedenis in Gen 1-11] in 1992 en "Sewe – jou kompas tussen lig en duister" [oor die sewe doodsondes en klassieke deugde] in 1999.

ook die begrip van helderheid. Die Bybel word dan gesien as deursigtig vir die verstand... 'n klomp feite wat jy kan ken, in plaas van 'n gebeurtenisryke ontmoeting waarin jy omvorm word en God met jou op weg is.

Wanneer die Bybel geles word as 'n boek met helder feite [*Perspicuitas Scripturae*] lei dit maklik tot 'n fundamentalistiese vinger op 'n teks en 'n veroordelende vinger na ander - dit staan mos daar, dit is duidelik. Wanneer die Bybel geles word as 'n boek waarin die vrysprekende stem van die lewende God gehoor word [*Claritas Scripturae*] lei dit meer tot 'n ontdekkingsstog van 'n oop gesprek tussen die hede en verlede oor die evangelie waarin mense omarm en omvorm word.

Hoe insluitend is ons liefde?

Die Evangelies vertel hoe verrassend insluitend Jesus se liefde is – Hy kuier saam met die veragtes en verstotenes van die samelewing. Die Belydenis van Belhar boor in op hierdie besondere karaktertrek van God oftewel op die manier hoe God is. God is “op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte.” Dit word bely in die tyd van van gedwonge geskeidenheid. Die Belydenis oorskry daardie spesifieke tyd by verre. God is nog steeds so – gedurende die Bybeltye en vandag deurbreek God die sosiale etikettering, die vanselfsprekende brandmerk van sekere mense in 'n spesifieke samelewing. Apartheid as wet was net in Suid-Afrika, maar as sosiale verskynsel wêreldwyd. Verwerping, etikettering en tronkstraf van homoseksueel georiënteerde mense is net in sommige lande se wetboeke, maar dit is 'n sosiale verskynsel wêreldwyd. Die evangelie van Jesus Christus is dat Hy sy koninkryk bring na mense, sondaarmense, die verstotenes en uitgeworpenes van die samelewing – of hulle nou legitiem verkeerde dinge gedoen het en of daar gewoon op hulle neergesien word vanuit 'n snobistiese of eng moraliteit. Christus maak geen onderskeid nie. Die uitdaging is om Christus hierin na te volg.

Na vele gesprekke by Welgelegen oor hierdie aspekte was daar 'n **PANEELBESPREKING** met Flip Theron [Teoloog], Charl Hugo [Regsgeleerde] ... en die getuienis van Coenraad Walters [Onderwyser].

Coenraad, 'n prominente en betrokke gemeentelid, het gewoon sy lewensverhaal vertel waarin hy sy seksuele oriëntasie ontdek het en mee vrede gemaak het. Dit het die hele bespreking in 'n ander lig laat plaasvind ... ons praat nie sommer oor 'n “kwessie” nie, ons praat oor die menswees van 'n bekende medegelowige hier in ons midde.

In **2001** het die **Kerkraad** 'n “**gay-vriendelike**” **standpunt** ingeneem met 'n breë houding - vanaf 'n bloot nie-veroordelende houding tot 'n algehele aanvaarding van permanente selfdegeslag verhoudings.

Die **Laurie Gaum episode** in 2005 het oral opslae gemaak ... ook by ons. Talle mense is geraak deur die venynigheid in die koerante. Daar was talle gesprekke hieroor, asook eposse en briewe. 'n Lidmaat uit ons gemeente het in Die Burger sy bedanking uit die NG Kerk aangekondig.

'n Paar besondere geleenthede het hierop gevolg:

- ❖ By die eerste **erediens** na die gebeurtenis, het my kollega Theunis Botha geen argument gevoer nie, hy het slegs die evangelie gevier met die votum: Hy het verwys na die week se gebeure en gesê: “Ek het baie uitgesien na die erediens vandag ... want hier is almal welkom, ongeag hulle seksuele oriëntasie.” En toe die seëngroet.

- ❖ Binne twee weke daarna het nog 'n kollega **Louis Jonker** 'n weeksaand-bespreking gehou waarna ouers met gay-kindere spesiaal uitgenooi was.
- ❖ Die Sondagoggend daarna was die **preek** daaroor en die aand was daar 'n **paneelbespreking** – Johan Thom [Klassikus/ Nuwe Testamentikus], Sandra Kleynhans [Sielkundige], Coenraad Walters [Onderwyser].

Monty Sahd, nog 'n kollega by Welgelegen, se ervaring by **Kuratorium** het ook 'n rol gespeel. Hy moes die besluit van die Algemene Sinode oor die voorwaarde van selibaat vir legitimasië uitvoer terwyl hyself geensins daarmee saamstem nie ... en hy moes die verguising van 'n klomp mense en die media ervaar.

Op **1 Sep 2015** het die **Kerkraad van Welgelegen** die Algemene Sinode versoek om 'n besluit oor homoseksualiteit te neem wat nie-diskriminerend en regverdig is sodat die gedrag van heteroseksuele en homoseksuele persone oor dieselfde kam geskeer word.

Natuurlik is daar verskeie reaksies op die besluit, veral ook oor die Algemene Sinode se verrassende besluit ... dit is 'n geleentheid vir verdere gesprek.

Dit is kortweg my verhaal oor Welgelegen se reis met selfdegeslag verbintnisse. Dit is soos enige verhaal – jy kan nie stry daarmee nie want dit is nie 'n argument nie ... maar dit bly die verhaal van die verteller wat gebeurde waarneem binne 'n eie verstaanswêreld. Georg Christoph Lichtenberg het gesê: “'n Boek is 'n spieël. As 'n aap daarin kyk, gaan daar nie 'n apostel terugkyk nie.” Die punt is, wat 'n mens in 'n boek of in gebeurde raaksien, verklap wie jy en wat vir jou belangrik is. Dit is ook nie anders in my verhaal oor Welgelegen nie. My droom is dat ons in navolging van Christus mekaar as mense sal raaksien en waardeer ... en nie op loop gaan oor ander se seksuele oriëntasie nie.

Oor Menswaardigheidⁱ

©Prof Juliana M Claassens¹⁴

By een van ons vergaderings van die Taakspan vir die Seisoen van Menswaardigheid waarop ek dien, vertel Nelis, ons moderator, die storie van die oom wat vir hom gesê het. “Nee man, julle moenie nou hierdie taal van menswaardigheid in die Gay debat gebruik nie!”

Hoekom hou die oom nie daarvan dat menswaardigheid in die gesprek oor gays en selfdegeslagverhoudinge gebruik word nie? Is dit dat die taal van menswaardigheid wat met die Seisoen van Menswaardigheid al hoe meer in ons kerke gebruik word, die hele debat anders kleur? Ek dink bepaald dit maak dit ‘n ander gesprek. En wat meer is, ek sou ook waag om te sê ook dat die Seisoen van Menswaardigheid ‘n bepalende rol gespeel het in die Algemene Sinode se brawe besluit. Maar ek het ook begin besef dat daar dalk iets heel anders agter die oom se opmerking aan Nelis sit. Ons hoor alhoemeer hoe mense negatief is oor die gebruik van menswaardigheid. Wat sê dit is nie Bybels nie, of dit is humanisties, of ons raak nou net al hoe meer soos die wêreld.

Die taal van menswaardigheid word in Suid Afrika se “Bill of Rights”gebruik wanneer dit sê dat elke persoon oor inherente waardigheid beskik en die reg het om hulle menswaardigheid gerespekteer en beskerm te word (Hfst 2.10) asook in die Verenigde Nasies se Handves vir Menseregte en die konstitusies van heelparty ander lande soos Duitsland, Ysland, Griekeland, Guatemala, en Suid Korea.

Menswaardigheid is egter nie in die eerste plek ‘n sekulêre konsep nie, maar het diep teologiese en Bybelse wortels. Die kerkvader Irenaeus is een van die eerste mense wat die idee van menswaardigheid gebruik het. Hy lei dit af van die kragtige beeld van *Imago Dei* in Gen 1:26-27 wat sê dat mense, beide man en vrou in die beeld van God geskep is. Hierdie teologiese formulering het aanleiding gegee tot ryk teologiese nadenke deur beide Christen en Joodse interpreteerders wat vir die inherente waarde van elke mens pleit, ongeag die kleur van sy of haar vel, of sy nou man of vrou is, ryk of arm, gestremd is al dan nie, en met betrekking op vandag se gesprek, gay of straight. Mense beskik oor inherente waarde wat ‘n geskenk van die Skepper God is en verdien dus om gelykwaardig en regverdig behandel te word. Gays het dus net soveel reg om hul seksualiteit uit te leef in ‘n liefdevolle verhouding van trou en commitment. Dit is gelykwaardig. En dit is regverdig.

Selfs al kom die “beeld van God” slegs twee keer voor die Bybel, is dit inderwaarheid ‘n tema wat dwarsdeur die Bybel die verhouding tussen God en mense struktureer. Ek noem drie punte om te

¹⁴ Prof Julie Claassens is tans dosent in Ou Testament met ‘n fokus op Menswaardigheid by die Fakulteit van Teologie, Universiteit van Stellenbosch. Haar mees onlangse boek *Mourner, Mother, Midwife: Reimagining God’s Liberating Presence* het in 2012 by Westminster John Knox Uitgewers in die VSA verskyn. Sy is ‘n geordende NG Predikant met spesiale opdrag teologiese opleiding. Sy is ook die nuutverkose voorsitter van die Wes-Kaap se Algemene Sinodale Taakspan van die Seisoen van Menswaardigheid.

illustreer net hoe diep die strewe na menswaardigheid gewortel is in ons Christelike tradisie wat voorbou op sy Joodse wortels.

Menswaardigheid in 'n Konteks van Ontmensliking

Dit is in die eerste plek belangrik om raak te sien dat dit presies in situasies is waarbinne mense se regte aangetas word wat die gesprek oor menswaardigheid so belangrik word. Suid Afrika se konstitusie met sy taal van menswaardigheid is 'n direkte response op die menseregteskendings gedurende die apartheidstyd. En die Verenigde Nasies se gebruik van menswaardigheid sien weer die lig in 'n konteks met die allerverskriklikste menseregteskendings wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gebeur het.

In die Bybel word die taal van menswaardigheid ook diep begrond in situasies waarin mense se kwaliteit van lewe en selfs reg tot lewe bedreig word. Die kragtige formulering van die *Imago Dei* in Gen 1:26-27 breek in binne 'n konteks van storie op storie van menslike ongehoorsaamheid, egotisme, wraak en moord wat in Genesis 1-11 vertel word. Soos James Mays dit so mooi stel: "...the image of God belongs to the human being beyond and through all the drastic failures of mortals recorded in Genesis 3-9."ⁱⁱ

Die taal van menswaardigheid wat in 'n konteks van verontmensliking gebruik word daag ons dus uit om ook die ervarings van ons gay lidmate te hoor en hulle kreet: "moet ons nie so behandel nie..." nie op dowe ore te laat val nie.

Menswaardigheid en die Skepper God

'n Belangrike tema in die Christelike verstaan van Menswaardigheid hou verband met die idee wat 'n mens vir die eerste keer by die kerkvaders soos Chrysostom aantref: Menswaardigheid is 'n genadevolle geskenk van die Skepper God. Die ryk tradisie wat rondom die *Imago Dei* ontwikkel het wil sê dat die om in die beeld van God geskep te wees plaas die fokus op wat God doen in plaas van enigiets wat mense doen. God kyk na die skepping, en dit is goed. Wie is ons dan om te kyk en te oordeel dat dit nie goed is nie? Mense, van watter ras, geslag, seksuele oriëntasie, sosiale klas, fisiese vermoë ookal, is mense. In die beeld van God geskep en verdien dus om met eerbied en respek behandel te word.

Menswaardigheid is Relasioneel

Menswaardigheid in die Christen tradisie is nie in die eerste plek 'n individualistiese saak nie. Menswaardigheid is 'n geskenk van die Skepper God maar dit is nie waar dit eindig nie. Menswaardigheid is bedoel om relasioneel te wees, dus om ook uit te reik na ander en hulle positief te impakteer. Soos Kendall Soulen en Linda Woodhead dit so mooi stel: "Dignity consists not so much in self-possession as in dispossession, not so much in entering into oneself but in reaching out in love and care to the other."ⁱⁱⁱ

Die relasionele aard van menswaardigheid beteken dat in 'n geval van menseregteskending, beide die slagoffer sowel as die oortreder aan mekaar verbind is aangesien beide herstel en heling benodig. Dit is iets wat ons reeds in terme van ons pynlike geskiedenis met apartheid sien. Leiers soos Desmond Tutu en Allan Boesak het menigmaal gesê dat die bevryding van swart mense sal lei ook tot die herstel van die menswaardigheid van wit mense. Na aanleiding van die pynlike "backlash" na die Algemene Sinode, is dit meer belangrik as ooit om te besef dat die herstel van

die menswaardigheid van ons gay broers en susters ook herstel bring vir die van ons wat straight is.

Roeping: Om die Breuk reg te maak

In Jes 58:12, lees ons die volgende oproep tot aksie wat veral mooi vertaal is in die NRSV: "You shall be called the repairer of the breach, the restorer of streets to live in." Israel word geroep om 'n verdeelde gemeenskap te herstel en reg te maak. In die beeld van die Groot Hersteller en Herbouer, word mense geroep om God te verteenwoordig en die beeld van God in die wêreld te wees. James Mays sê dit as volg: "The Israelites' identity and destiny as the people of the Lord is a movement toward the realization of humanity's identity and destiny as image of God."^{iv}

Ons oorlede rektor Russell Botman skryf baie mooi oor hoe die handeling om gebroke verhoudings reg te maak as deel van 'n versoeningsproses, 'n essensiële deel van menswaardigheid is: "Through the practice of reconciliation, the victim and the perpetrator seek mutual embrace and freedom from conflict."^v Dit is duidelik na die onlangse sinode dat daar baie wonde is, baie gebroke verhoudinge. Ons as kerk het die doel om vir ons almal se welwees, die "repairer of the breach, the restorer of streets to live in" te wees. Dit beteken dat ons gemeentes sal help om die gesprek oor ons gays broers en susters in terme van menswaardigheid te voer, om te preek oor menswaardigheid in die Bybel en die Christelike tradisie, met die doel om heling en herstel te bring en 'n wêreld te help skep waar dit werklik nie saak maak of jy wit of swart, man of vrou, gay of straight is nie.

Dr Erik Basson¹⁵ was deel van 'n paneelbespreking wat gevoer is saam met Dr Leon Fouché en Prof Julie Claassens, en wat die algemene bespreking ingelei het.

ⁱ Hierdie bydrae is gebaseer op 'n artikel wat 'n aantal jaar gelede in die *NGTT* verskyn het: L Juliana Claassens, "Human Dignity in the Prophetic Traditions. Upholding Human Worth in a Context of Dehumanization," *NGTT*, 52/1-2 (2011): 34-44.

ⁱⁱ James Luther Mays, "The Self in the Psalms and the Image of God." in *God and Human Dignity* (ed. R. Kendall Soulen and Linda Woodhead; Grand Rapids: Eerdmans, 2006), 34.

ⁱⁱⁱ R. Kendall Soulen and Linda Woodhead, "Contextualizing Human Dignity," in *God and Human Dignity* (eds. R. Kendall Soulen and Linda Woodhead; Grand Rapids: Eerdmans, 2006), 6.

^{iv} Mays, "The Self in the Psalms and the Image of God," 39.

^v H. Russell Botman, "Covenantal Anthropology: Integrating Three Contemporary Discourses of Human Dignity," in *God and Human Dignity* (eds. R. Kendall Soulen and Linda Woodhead; Grand Rapids, MI: Eerdmans, 2006), 75.

¹⁵ Erik Basson (gebore 1954) is 'n boorling van Piketberg, was 'n student op Stellenbosch en is in 1980 gelegitimeer. Erik is opgelei in Maatskaplike Werk en het ook 'n MTh verwerf, getiteld: **Die gesag van die Skrif : 'n vergelyking tussen Bavinck en Berkouwer se teologiese bydraes.** Vanaf 1981-1991 was hy predikant in Parow-Wes en sedertdien op Vredenburg.

Erik was tot onlangs toe lid van die dagbestuur van die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake. Erik het pas sy doktorsale studies voltooi, met 'n proefskrif getitel, "**Bevrydende Waarheid. Soteriologie as die sleutel tot die verstaan van WD Jonker.**"